# JAARBOEK 2006

**Fakulteit Regte**



**DEKAAN**

Prof F Venter

**Noordwes-Universiteit**
**Potchefstroomkampus**

Rig alle korrespondensie aan
Die Registrateur: Akademiese en Korporatiewe Administrasie
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM

Tel: (018) 299-1111/2222
Faks: (018) 299-2799
Internet: http://www.nwu.ac.za

**U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.**

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie.

**A-Reëls verskyn in 'n aparte eksemplaar.**

***Opmerking***

Voordat hulle finaal oor die keuse van modules besluit, moet studente hulle deeglik vergewis van die klasrooster. Indien daar 'n botsing by ‘n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke vakkombinasie ontoelaatbaar. Dergelike gevalle moet asseblief met die betrokke persone by die Fakulteitsadministrasie bespreek word.

## INHOUDSOPGAWE

R.1 INLEIDING ..... 1
R.1.1 STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FAKULTEIT ..... 1
R.1.2 GRADE EN DIPLOMAS ..... 1
** Geen nuwe eerste inskrywings word met 2006 vir hierdie diplomas aanvaar nie. ..... 2
R.1.3 MODULES EN KREDIETE ..... 2
R.1.4 VERHOUDING TUSSEN KREDIETE EN GEAGTE LEERURE ..... 2
R.1.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER ..... 2
R.1.6 REGISTRASIE ..... 3
R.1.7 PROFESSIONELE ETIEK ..... 3
R.1.8 TAALMEDIA ..... 3
R.1.9 OORGANGSREËLS ..... 4
R.1.10 EKSAMENSUBMINIMUM ..... 4
R.1.11 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID ..... 4
R.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B) ..... 5
R.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ..... 5
R.2.2 TOELATINGSVEREISTES ..... 5
R.2.2.1 Bepaling van die M-telling ..... 5
R.2.3 LYS VAN MODULES: LL B (VOLTYDS) (PROGRAMKODE R401P) ..... 6
R.2.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT MODULES ..... 10
R.2.3.1.1 Afrikaans en Nederlands ..... 10
R.2.3.1.2 Afrikatale ..... 10
R.2.3.1.3 Duits ..... 11
R.2.3.1.4 English ..... 11
R.2.3.1.5 Frans ..... 11
R.2.3.1.6 Latyn ..... 11
R.2.4 PROGRAMUITKOMSTE VAN DIE LL B ..... 11
R.2.4.1 Algemeen ..... 11
R.2.4.2 Primêre programdoelstelling ..... 12
R.2.4.3 Kundigheids- en vaardigheidsdoelwitte en waardes ..... 12
R.2.4.4 Artikulasiemoontlikhede ..... 13

**R.2.5 PROGRAM VIR DIE LL B-GRAAD (VOLTYDS) ... 14**
R.2.5.1 Navorsingsverslag ... 17
R.2.5.2 Inskrywing volgens rooster ... 17

**R.2.6 EKSAMINERING ... 17**
R.2.6.1 Skriftelike werk ... 17
R.2.6.2 Samestelling van die deelnamepunt ... 17
R.2.6.3 Toelating tot die eksamen ... 17
R.2.6.4 Modulepunt ... 18
R.2.6.5 Slaagvereistes ... 18
R.2.6.6 Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module ... 18
R.2.6.7 Herhaling van modules ... 18

**R.2.7 LYS VAN MODULES: LL B (TELEMATIES) (PROGRAMKODE R401P) ... 18**

**R.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE ... 19**

**R.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ... 19**

**R.3.2 TOELATINGSVEREISTES ... 19**
R.3.2.1 Bepaling van die M-telling ... 19

**R.3.3 LYS VAN MODULES (VOLTYDS) (PROGRAMKODE: R301P) ... 21**
R.3.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES ... 24
R.3.3.1.1 Afrikaans en Nederlands ... 24
R.3.3.1.2 Afrikatale ... 25
R.3.3.1.3 Duits ... 25
R.3.3.1.4 English ... 26
R.3.3.1.5 Frans ... 26
R.3.3.1.6 Latyn ... 26

**R.3.4 PROGRAMUITKOMSTE VIR DIE BA-GRAAD ... 26**
R.3.4.1 Uittreevlakuitkomste ... 26
R.3.4.1.1 Geesteswetenskaplike probleemoplossing ... 26
R.3.4.1.2 Toepassing van fundamentele en spesialiskennis ... 26
R.3.4.1.3 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstegnologie ... 27
R.3.4.1.4 Professionele en algemene kommunikasie ... 27
R.3.4.1.5 Impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing ... 27
R.3.4.1.6 Span- en multidissiplinêre werk ... 27
R.3.4.1.7 Lewenslange leer ... 27

R.3.4.1.8 Professionele etiek en praktyk ... 28
R.3.4.2 Kritieke uitkomste en geassosieerde evalueringskriteria: ... 28
R.3.4.3 Artikulasiemoontlikhede ... 29

**R.3.5 PROGRAM VIR DIE GRAAD BA MET REGSVAKKE ... 30**
R.3.5.1 Verpligte modules ... 30
R.3.5.2 Keusemodules ... 31

**R.3.6 INSKRYWING VOLGENS ROOSTER ... 32**

**R.3.7 TOEKENNING VAN GRAAD MET LOF EN MET ONDERSKEIDING IN 'N MODULE ... 32**

**R.3.8 LYS VAN MODULES (TELEMATIES) (PROGRAMKODE: R301P) ... 32**

**R.3.9 PROGRAM VIR DIE BA-GRAAD MET REGSVAKKE (TELEMATIES) ... 32**

## R.4 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (M PHIL)* ... 33

**R.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ... 33**

**R.4.2 TOELATINGSVEREISTES ... 33**

**R.4.3 LYS VAN MODULES ... 35**

**R.4.4 PROGRAMUITKOMSTE ... 36**

**R.4.5 PROGRAMME VIR DIE LL M/M PHIL-GRAAD ... 36**
R.4.5.1 LL M verwerf deur die skryf van 'n verhandeling ... 36
R.4.5.1.1 Program: Verhandeling (Programkode: R801P) ... 36
R.4.5.2 Gestruktureerde LL M's / M Phil ... 36
R.4.5.2.1 Program: Boedelreg (Programkode: R802P) ... 36
R.4.5.2.2 Program: In- en Uitvoerreg (Programkode: R803P) ... 37
R.4.5.2.3 Progam: LL M in Publiekreg (Programkode: R804P) ... 38
R.4.5.2.4 Program: LL M in Arbeidsreg (Programkode: R805P) ... 39
R.4.5.2.5 Program: LL M / M Phil in Omgewingsreg en –beheer * (Programkode: LLM R806P) M Phil ) ... 39

**R.4.6 EKSAMINERING ... 40**
R.4.6.1 LL M verwerf deur die skryf van 'n verhandeling ... 40
R.4.6.2 Gestruktureerde LL Ms / M Phil ... 41

## R.5 REELS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D) (PROGRAMKODE: R901P) ... 42

**R.5.1 LL D VERWERF DEUR DIE SKRYF VAN 'N PROEFSKRIF ... 42**

**R.5.2 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ... 42**

R.5.3 TOELATINGSVEREISTES ..... 42
R.5.4 LYS VAN MODULES EN PROGRAM ..... 42
R.5.5 PROGRAMUITKOMSTE ..... 42
R.5.6 EKSAMINERING ..... 43
R.6 REËLS VIR DIE DIPLOMA IN LAW (PARALEGAL PRACTICE) (PROGRAMKODE: R101T) ..... 44
R.7 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN BOEDELREG (PROGRAMKODE: R501P)* ..... 45
R.7.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ..... 45
R.7.2 TOELATINGSVEREISTES ..... 45
R.7.3 LYS VAN MODULES ..... 45
R.7.4 PROGRAMUITKOMSTE ..... 45
R.7.5 EKSAMINERING ..... 46
R.8 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN IN- EN UITVOERREG (PROGRAMKODE: R502P)* ..... 47
R.8.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR ..... 47
R.8.2 TOELATINGSVEREISTES ..... 47
R.8.3 LYS VAN MODULES ..... 47
R.8.4 PROGRAMUITKOMSTE ..... 48
R.8.5 EKSAMINERING ..... 48

**AMPSDRAERS**

DEKAAN

Prof F Venter

**DIREKTEURE**

**NAVORSINGSFOKUSAREA (ONTWIKKELING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REGSTAAT)**

Prof W du Plessis

**ONDERRIG**

Prof J Swanepoel

**PROFESSIONELE DIENSTE**

Prof JA Robinson

**SENTRUM VIR GEMEENSKAPSREG EN ONTWIKKELING**

Mnr SWJ Meyer

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**

Me EJ Britz

**FAKULTEITSRAAD**

Verteenwoordiger van die SRVP

| | |
|---|---|
| Crous AJ | Pienaar GJ |
| De la Harpe SPLR | Rautenbach C |
| Du Plessis W | Robinson JA |
| Ferreira GM | Schutte PJW |
| Horsten DA | Stander AL |
| Jansen van Rensburg L | Swanepoel J |
| Kilian P | Terblanche JE |
| Klynsmith I | Van der Merwe APS |
| Kotze LJ | Van der Schyff E |
| Meyer SWJ | Van der Walt T |
| Monchusi PJ | Venter F |
| Myburgh PH | |

**EREPROFESSORE**

SW van der Merwe

DH van Zyl

L Wessels

**BUITENGEWONE PROFESSORE**

GJ Badenhorst

GH Pienaar

AP Joubert

I Klynsmith

E de Wet

JDS de Bruyn

A Verheij

# REËLS: FAKULTEIT REGTE

## R.1 INLEIDING

Hierdie reëls moet saam met en onderhewig aan die A-reëls van die Universiteit gelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op http://www.puk.ac.za onder "Algemeen"/"Algemene Jaarboek"/"Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma Biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

### R.1.1 STRUKTUUR EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FAKULTEIT

Die **Fakulteit Regte** funksioneer in drie komponente: die voorgraadse onderrigprogram, nagraadse opleiding en navorsing en professionele dienslewering.

Die **voorgraadse onderrigprogram** word bestuur deur die Direkteur: Onderrig.

**Nagraadse opleiding en navorsing** word deur die Navorsingsfokusareadirekteur bestuur.

**Professionele dienslewering** word deur die Direkteur: Professionele Dienste en die direkteur van die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling bestuur.

Op voorgraadse vlak is die primêre fokus op die LL B-program. Nagraadse opleiding en navorsing word in die fokusarea *Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat* bedryf. Die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling lewer regshulpdienste, gemeenskapsdienste en –opleiding asook konsultasie- en adviesdienste. Die kursusse in regspraktyk, die Regsdiploma (Pararegspraktyk) word by die Sentrum aangebied. Die Regsdiploma (Pararegspraktyk) word slegs in Engels aangebied.

### R.1.2 GRADE EN DIPLOMAS

Die volgende grade kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

| KWALIFIKASIE | AFKORTING | KWALIFIKASIE-KODE | PROGRAM | KURRIKULUM-KODE |
|---|---|---|---|---|
| Baccalaureus Legum | LL B | 607 104 | | R401P Voltyds<br>R401P Telematies** |
| Baccalaureus Artium | B A | 100 145 | Regsvakke | R301P Voltyds<br>R301P Telematies** |
| Magister Legum | LL M | 604 110 | Verhandeling | R801P Voltyds<br>R801P Deeltyds |
| | | 604 111 | Boedelreg | R802P Voltyds<br>R802P Deeltyds |
| | | 604 112 | In- en Uitvoerreg | R803P Voltyds<br>R803P Deeltyds |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 604 113 | Publiekreg | R804P Voltyds<br>R804P Deeltyds |
| | | 604 114 | Omgewingsreg en - beheer | R806P Voltyds<br>R806P Deeltyds |
| | | 604 115 | Arbeidsreg | R805P Voltyds<br>R805P Deeltyds |
| Magister Philosophiae** | M Phil | ***604 102 | Omgewingsreg en -beheer | R*** Voltyds<br>R*** Deeltyds |
| Doctor Legum | LL D | 605 110 | Proefskrif | R901P Voltyds<br>R901P Deeltyds |

**Geen nuwe eerste inskrywing vir hierdie grade sal vanaf 2006 aanvaar word nie.
***Hangende goedkeuring

Die volgende diplomas kan in die Fakulteit Regte toegeken word:

| KWALIFIKASIE | AFKORTING | KWALIFIKASIE-KODE | PROGRAM | KURRIKULUM-KODE |
|---|---|---|---|---|
| Nagraadse diploma** | Dip | 606 102 | Boedelreg | R501P Voltyds<br>R501P Deeltyds |
| Nagraadse diploma** | Dip | 608 102 | In- en Uitvoerreg | R502P Voltyds<br>R502P Deeltyds |
| Diploma in law** | DiL | 610 101 | Paralegal Practice | R101T Telematies |

** Geen nuwe eerste inskrywings word met 2006 vir hierdie diplomas aanvaar nie.

## R.1.3 MODULES EN KREDIETE

Die leerstof vir elke graad is in modules verdeel en elke module het 'n bepaalde kredietwaarde. Elke module word afsonderlik geëksamineer.

## R.1.4 VERHOUDING TUSSEN KREDIETE EN GEAGTE LEERURE

Die aantal kredietpunte wat aan elke module ooreenkomstig reël A.1.12 toegewys word, is soos aangedui in reël R.2.5, R.3.5, R.4.3, R.5.4, R.7.3 en R.8.3.

## R.1.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsels onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel. Die Noordwes-Universiteit onderskryf verder die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigleerprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklike gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer (kyk reël A.1.50 en reël A.4.2.1.3) handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigleerprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittreeuitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes-Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van en kredietverlening aan voornemende of bestaande studente - hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

## R.1.6 REGISTRASIE

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat ‘n student deurloop het om as studente van die Universiteit ingeskryf te word.

'n Toegelate studente registreer jaarliks vir die duur van die studie vir 'n spesifieke studieprogram op die tyd en plek deur die Universiteit daarvoor bepaal. Die proses behels dat die voorgeskrewe registrasiegeld betaal word, die registrasievorm voltooi en die nodige handtekeninge daarop aangebring is, waardeur aangedui word dat die Direkteur Onderrig die studente se keuse van modules vir die jaar goedkeur.

Die registrasievorm word deur die studente by die registrasieafdeling ingedien waarop 'n bewys van registrasie uitgereik word.

## R.1.7 PROFESSIONELE ETIEK

Regstudie bied toegang tot die regsprofessie. Toegang tot die regsprofessie is daarvan afhanklik dat 'n applikant gereken word as geskik om tot die professie toe te tree. Weens die hoë etiese standaarde wat in die regsprofessie gestel word, is dit onwaarskynlik dat 'n persoon wat regtens gestraf word of teen wie dissiplinêr opgetree word weens optrede wat dui op oneerlikheid, tot die regs-professie toegelaat sal word, nieteenstaande goeie akademiese prestasie.

## R.1.8 TAALMEDIA

Die voltydse voorgraadse programme word in Afrikaans aangebied en die telematiese programme in Engels. Tolking vanaf Afrikaans na Engels is in 2006 in die LLBR-modules van die eerste en tweede studiejaar in die voltydse program beskikbaar. Eksamens en ander evaluerings, sowel as korrespondensie, kan in alle programme na keuse in Afrikaans of Engels afgelê of gevoer word.

## R.1.9 OORGANGSREËLS

Die Direkteur: Onderrig reik waar nodig oorgangsreëls uit ten einde die oorgang van bestaande programme na nuwe programme moontlik te maak.

## R.1.10 EKSAMENSUBMINIMUM

Die eksamensubminimum vir modules in die Fakultiet Regte met ‘n LLBR- en DPRA-kode is 45.

## R.1.11 EVALUERING VAN AKADEMIESE GELETTERDHEID

(i) Alle nuwe eerstejaarstudente aan die Universiteit moet hulle aanmeld vir ’n verpligte vaardigheidstoets ten einde hulle vermoë om in ’n akademiese omgewing te funksioneer, te evalueer.

(ii) Die doel van die toets is om studente te help om vroegtydig leemtes te identifiseer en dan die nodige leiding in hierdie verband te kry.

(iii) Hierdie toets word in die oriënteringstydperk in koshuisverband afgeneem, maar die kursusse self word in fakulteitsverband aangebied.

(iv) Studente wat nie by koshuise inskakel nie, moet ook die toets aflê. Sodanige studente moet dan met die oog op die nodige reëlings in hierdie verband kom aanmeld by die kantoor van die akademiesetaalvaardigheidsprogram op die onderskeie kampusse.

(v) Die program waarvoor studente registreer, is bepalend vir die taal waarin (a) die toetse afgeneem en (b) die hulp ook aangebied word. Dit sal bepaal of studente registreer vir AFNL 181 (moedertaalsprekers van Afrikaans), AFNL 182 (niemoedertaalsprekers van Afrikaans), ENGL 181 (algemene Engelse vaardigheid).

(vi) Indien ‘n student geïdentifiseer word as 'n kandidaat vir een van die kursusse, moet die betrokke kursus geslaag word alvorens die studente vir die tweede studiejaar kan registreer.

## R.2 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS LEGUM (LL B)

### R.2.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studie vir die graad Baccalaureus Legum (LL B) duur 'n minimum van vier en 'n maksimum van vyf jaar.

Die LL B kan ook as tweede baccalaureusgraad verwerf word. ‘n student kan byvoorbeeld vir die graad Baccalaureus Artium (BA) met Regsvakke in hierdie Fakulteit of vir 'n Baccalaureus Commercii met Regsvakke wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, inskryf. Regsvakke wat in die loop van hierdie grade geslaag word, hoef nie tydens die LL B-studie herhaal te word nie, met die gevolg dat die LL B-graad na slegs, maar ten minste, twee verdere jare studie verwerf kan word. Die LL B-studie wat volg op bogemelde baccalaureusgrade duur 'n maksimum van drie jaar.

### R.2.2 TOELATINGSVEREISTES

(i) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.

(ii) 'n Voornemende studente met matrikulasievrystelling met 'n M-telling van 16 of meer (kyk R.2.2.1 hieronder) kwalifiseer vir toelating tot die LL B-studie.

#### R.2.2.1 Bepaling van die M-telling

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na Reël A.4.2 (wat bepaal dat skooleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA - met ander woorde dat **volle matrikulasie-vrystelling/voorwaardelike vrystelling** verwerf is), behou die Universiteit hom die reg voor om die volgende keuringsmodel toe te pas, aan die hand van welke resultate oorweging aan kandidate se aansoeke verleen sal word.

**Keuringsmodel**

| Vaksimbool | Hoër Graad | Standaardgraad |
|---|---|---|
| A | 6 | 5 |
| B | 5 | 4 |
| C | 4 | 3 |
| D | 3 | 2 |
| E | 2 | 1 |
| F | 1 | 0 |

’n Maksimum van 4 vakke word gebruik om die M-telling te bepaal.

**L.W.** Die telling van die toepaslikste vak vir die betrokke studierigting dra dubbele gewig.

### Berekening van M-telling vir die LL.B-graad

M-telling : Onderrigtaal van voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) x 2 + 3 beste vakke.

| Graad | Vereiste skool vakke | Aanslag vir toelating (vereiste M-telling)) | Keuringstoets |
|---|---|---|---|
| LL.B<br>4-jarige voorgraadse kursus 6071041 – R401P | | 16 | |

### R.2.3 LYS VAN MODULES: LL B (VOLTYDS) (PROGRAMKODE R401P)

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| | **Verpligte modules** | | |
| SKTA111 | Kommunikasievaardighede | 4 | |
| SKTE111 | Communication Skills | 4 | |
| RINL111 | Rekenaar- en Inligtingsvaardighede | 8 | |
| LEER111 | Leer- en Leesvaardigheid | 8 | |
| ENTR221 | Kreatiewe entrepreneurskap | 8 | |
| LLBR111 | Inleiding tot die Reg | 8 | |
| LLBR113 | Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg | 8 | |
| LLBR114 | Persone- en Huweliksreg | 8 | |
| LLBR121 | Strafreg: Algemene Beginsels | 8 | |
| LLBR123 | Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg | 8 | |
| LLBR124 | Erfreg | 8 | |
| LLBR125 | Regspersonereg en Inleidende Ondernemingsreg | 8 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| LLBR211 | Algemene Regsleer | 16 | |
| LLBR213 | Sakereg | 8 | |
| LLBR214 | Regshermeneutiek | 8 | |
| LLBR215 | Bewysreg | 8 | |
| LLBR216 | Strafprosesreg | 8 | |
| LLBR217 | Strafreg: Besondere Misdade | 8 | |
| LLBR221 | Deliktereg | 16 | |
| LLBR222 | Regspraktyk | 8 | |
| LLBR223 | Strafproses- en Bewysreg | 8 | |
| LLBR224 | Arbeidsreg | 8 | |
| LLBR225 | Regspluralisme | 8 | |
| LLBR311 | Landdroshofprosesreg | 8 | |
| LLBR312 | Regspraktyk | 8 | |
| LLBR313 | Kontraktereg | 16 | |
| LLBR314 | Regspluralisme | 8 | |
| LLBR315 | Huweliksgoedere- en Egskeidingsreg | 8 | |
| LLBR316 | Ondernemingsreg | 8 | |
| LLBR317 | Staatsreg en Plaaslike Owerheids-reg | 8 | |
| LLBR321 | Administratiefreg | 8 | |
| LLBR322 | Regskommunikasie en Navorsingsmetodologie | 8 | |
| LLBR323 | Hooggeregshofprosesreg | 8 | |
| LLBR324 | Besondere Kontrakte | 16 | |
| LLBR325 | Fundamentele Regte | 16 | |
| LLBR326 | Insolvensiereg | 8 | |
| LLBR327 | Alternatiewe Geskilbeslegting | 8 | |
| LLBR413 | Padongelukkevergoeding- en Versekeringsreg | 8 | |
| LLBR414 | Volkereg | 16 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| LLBR415 | Skadevergoedingsreg | 16 | |
| LLBR416 | Verhandelbaredokumentereg | 8 | |
| LLBR418 | Grond- en Aktesreg | 16 | |
| LLBR421 | Boedelbereddering | 16 | |
| LLBR422 | Konstitusionele Litigasie en Praktykbestuur | 8 | |
| LLBR425 | Regsfilosofie | 16 | |
| LLBR426 | Verryking en Estoppel | 16 | |
| LLBR451 | Navorsingsverslag | 16 | |
| | **Keusemodules** | | |
| AFNL211 | Afrikaans Nederlands | 16 | AFNL111 ,121 |
| ENGL211 | Engels | 16 | ENGL121 |
| MHBP111 | Inleiding tot Mensehulpbron-bestuur | 8 | |
| BSKP151 | Beroepsgesondheid | 8 | |
| BSKP161 | Diversiteit in Werkskonteks | 8 | |
| POLI111 | Politiek, staat en regering | 8 | |
| POLI121 | Die Suid-Afrikaanse politieke staat | 8 | |
| AKLR111 | Ou Nabye Ooste en Griekeland | 8 | |
| AKLR121 | Antieke Rome en ander kulture | 16 | |
| ONBP111 | Inleiding tot ondernemingsbestuur | 8 | |
| ONBP121 | Entrepreneurskap | 16 | |
| RERP211 | Regsrekeningkunde | 8 | |
| RERP221 | Regsrekeningkunde | 8 | |
| LLBR411 | Omgewingsreg | 16 | |
| LLBR417 | Immateriëlegoederereg | 16 | |
| LLBR423 | Belastingreg | 16 | |
| LLBR424 | Ontwikkelingsreg en Sosialereg | 16 | |

**OPMERKINGS:**

Studente wat enige van die volgende modules in hul BA met Regsvakke- of B Comm met Regsvakke-studie geslaag het, hoef dit nie in hul LL B-studie te herhaal nie.

Wanneer ‘n student in 'n taalmodule in die eerste semester registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule in dieselfde jaar geneem word.

Studente wat Antieke Kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediet** | **Veronderstelde leereis en/of verwysing** |
|---|---|---|---|
| | **Taalmodules** | | |
| AFNL111 | Afrikaans: Taal sonder grense | 8 | Verwys R.2.3.1 |
| AFNL121 | Afrikaans taal- en literatuurstudie | 16 | |
| GRMN111 | Duits | 8 | |
| GRMN121 | Duits | 16 | |
| FRAN111 | Frans Elementêr | 8 | |
| FRAN121 | Frans Elementêr | 16 | |
| AKLR111 | Ou Nabye Ooste en Griekeland | 8 | |
| AKLR121 | Antieke Rome en ander kulture | 16 | |
| LATN111 | Latyn vir almal | 8 | |
| LATN121 | Regs- en kerklatyn | 16 | |
| ATSW114 | Basiese strukture van Tswana (Derde Taal) | 8 | |
| ATSW124 | Grammatikale strukture van Tswana (Derde Taal) | 16 | |
| AZOE114 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derde Taal) | 8 | |
| AZOE124 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derde Taal) | 16 | |
| ENGL111 | English in context | 8 | |
| ENGL121 | Introduction to English literary studies | 16 | |

### R.2.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT MODULES

#### R.2.3.1.1 Afrikaans en Nederlands

a) Vir toelating tot Afrikaans: *Taal sonder grense (AFNL111)* en *Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie* (AFNL121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of 'n C-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

b) Vir toelating tot *Die studie van Afrikaans: moedertaa*l (AFNT112) en *Afrikaanse taal- en literatuurstudie* (AFNT121) word minstens 'n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of 'n D-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

c) AFNT111, AFNT112 en AFNT121 word slegs via die Universiteit se telematiese program aangebied.

d) Die studie van Afrikaans: niemoedertaal (AFNT111) het as teikengroep niemoedertaalsprekers van Afrikaans, maar *Die studie van Afrikaans: moedertaal* (AFNT112) kan gevolg word deur moedertaalleerders wat na-uurse akademiese kursuseenhede in Afrikaans in hulle program wil insluit.

e) Studente wat die telematiese kursuseenhede in Afrikaans (AFNT111, 121) suksesvol voltooi het en wil oorskakel na die voltydse kursuseenhede in Afrikaans en Nederlands (AFNL211,221), moet daarvoor aansoek doen by die vakvoorsitter. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word. Die aanbied van die elektiewe modules AFNE211 en AFNE213 in 'n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente.

f) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFNL111,121 of AFNT111,121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

#### R.2.3.1.2 Afrikatale

a) Studente wat `n Sothotaal soos Tswana, Suid-Sotho of Noord-Sotho Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Tswana (ATSW114, ATSW124) inskryf nie.

b) Studente wat Zoeloe Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of die taal as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalmodule van Zoeloe (AZOE114, AZOE124) inskryf nie.

c) Studente wat Xhosa of Swati Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, word toegelaat om Zoeloe derdetaal (AZOE114, AZOE124) te neem.

d) As Tswana as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Zoeloe (AZOE114, AZOE124) in die program in te sluit.

e) As Zoeloe as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Tswana (ATSW114, ATSW124) in die program in te sluit.

**R.2.3.1.3 Duits**

a) ‘n student wat Duits as matriekvak geslaag het, kan óf in sy eerste studiejaar vir GRMN111,121 óf in sy tweede studiejaar, na suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vir GRMN211,221 registreer.

b) ‘n student wat ’n taalsertifikaat in Duits aan ’n taalinstituut verwerf het, kan by suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vrystelling kry vir GRMN111, maar moet vir GRMN121 registreer en dit slaag voordat hy/sy vir Duits (GRMN211,221) kan registreer.

c) Duits (as derdevlakkursus) kan deur UNISA afgelê word en sal deur die Noordwes-Universiteit erken word.

**R.2.3.1.4 English**

a) To register for English (ENGL111,121 — full-time, part-time or telematically) a learner must have obtained at least a C symbol (60%) in English Second Language (HG) or a D symbol in English First Language (HG) in the matriculation examination.

b) ENGL111, 121 are the only modules presented through the university’s telematic system.

**R.2.3.1.5 Frans**

a) Om vir FRAN111,121/FRAB111, 121 te registreer, moet ‘n student oor ‘n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.

b) ‘n Student wat in Frans gematrikuleer het, kan nie vir FRAN111, 121/FRAB111,121 registreer nie.

c) ‘n Student wat in Frans gematrikuleer het en Frans as hoofvak wil neem, moet in die eerste studiejaar vir Antieke Kultuur (AKRL111,121) en in sy/haar tweede studiejaar vir FRAN211,221 registreer.

d) Studente met voorafkennis van Frans sal toegelaat word om direk te registreer vir FRAN211 ná die aflegging van ‘n toets. Hierdie registrasie mag eers vanaf die tweede studiejaar gedoen word.

e) Studente wat FRAN111 en 121 geslaag het, word toegelaat om met FRAN211, 221 aan te gaan.

**R.2.3.1.6 Latyn**

a) ‘n student wat in Latyn gematrikuleer het, mag nie vir Latyn (LATN111, 121) registreer nie, maar mag inskryf vir LATN211,221.

b) Studente met Matrieklatyn wat Latyn as hoofvak wil neem, moet in die plek van LATN111,121 registreer vir Antieke Kultuur (AKLR111,121).

## R.2.4 PROGRAMUITKOMSTE VAN DIE LL B

### R.2.4.1 Algemeen

Benewens die akademiese en prinsipiële vorming van studente word die volgende oogmerke met die program nagestreef:

a) om die studente toe te rus met kennis en spesifieke vaardighede, gekoppel met die vermoë om die verworwe kennis en vaardighede toe te pas in 'n verskeidenheid vertakkinge van die regsberoep met die oog op verdere persoonlike intellektuele ontwikkeling, ekonomiese bedrywighede en gemeenskapsdiens;

b) om 'n bydrae te lewer tot die toetrede van genoegsame hoeveelhede gekwalifiseerde regslui tot die private en die openbare sektor in Suid-Afrika ten einde te verseker dat daar volhoubaar aan al die uiteenlopende behoeftes ten opsigte van regsdienste, leierskap en innoverende, kennisgebaseerde aktiwiteite van 'n transformerende samelewing binne die Suid-Afrikaanse regstaat voldoen word.

c) om gekwalifiseerdes toe te rus om verdere studie en navorsing op nagraadse vlak te onderneem vir doeleindes van die verwerwing van 'n nagraadse kwalifikasie.

**R.2.4.2 Primêre programdoelstelling**

Die LL B-program lewer regsgeleerdes wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers en wat toegerus is om selfstandig in konkrete situasies met die reg te werk.

**R.2.4.3 Kundigheids- en vaardigheidsdoelwitte en waardes**

‘n student wat die LL B-graad behaal, moet —

a) as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers, toegerus wees met die kennis en vaardighede wat as vertrekpunt vir die suksesvolle buite-universitêre opleiding vir enige van die regsprofessies kan dien, sowel as om met nagraadse studie en navorsing te begin. Om hierdie doelwit te bereik, word die volgende kennis en vaardighede in die module ontwikkel:

   i) regskommunikasievaardighede;

   ii) kennis van professionele regsetiek en insig in die belangrikheid daarvan;

   iii) basiskennis oor die vakgebiede waaroor die professionele eksamens handel;

   iv) verwerwing van insig in die samehang van alle aspekte van die reg.

b) 'n algemene vorming as beginselvaste juris met insig in die hantering van grondvrae in die reg ondergaan het. Hierdie vormingsproses sluit die volgende in:

   i) kennisverwerwing en persoonlike standpuntformulering oor basiese regsfilosofiese en regsteoretiese kwessies en die konkretisering daarvan in die verskillende regsmodules;

   ii) vertroudmaking met 'n Christelike perspektief op die reg naas ander perspektiewe.

c) daartoe in staat wees om onafhanklik as regsgeleerde wat die grondslae en die beginsels van die regswetenskap beheers, verder te ontwikkel. Om

hierdie doelwit te bereik, word die volgende kennis en vaardighede in die program tot stand gebring:

i) die hantering van die ken- en ontstaansbronne van die reg;

ii) beheersing van die teorie, terminologie en grondslae van die vakgebiede wat in die LL B-program ingesluit is;

iii) basiese rekenaarvaardigheid;

iv) die vermoë om regsnorme konkreet toe te pas.

**R.2.4.4 Artikulasiemoontlikhede**

Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan die studente wat voldoende presteer het regstreeks toegang tot die LL M-studie verkry.

Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is kan van die Direkteur: Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

## R.2.5 PROGRAM VIR DIE LL B-GRAAD (VOLTYDS)

**Die volgende tabel bevat 'n uiteensetting van die samestelling van die LL B-graad**

| JAARVLAK 1 | | JAARVLAK 2 | | JAARVLAK 3 | | JAARVLAK 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| EERSTE SEMESTER | | EERSTE SEMESTER | | EERSTE SEMESTER | | EERSTE SEMESTER | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD111 | 8 | LLBR211 | 16 | LLBR311 | 8 | LLBR413 | 8 |
| SKTA111 | 4 | LLBR213 | 8 | LLBR312 | 8 | LLBR414 | 16 |
| SKTE111 | 4 | LLBR214 | 8 | LLBR313 | 16 | LLBR415 | 16 |
| LLBR111 | 8 | LLBR215 | 8 | LLBR314 | 8 | LLBR416 | 8 |
| LLBR113 | 8 | LLBR216 | 8 | LLBR315 | 8 | LLBR418 | 16 |
| LLBR114 | 8 | LLBR217 | 8 | LLBR316 | 8 | ABCD411 | 16 |
| RINL111 | 8 | ABCD211 | 8/16 | LLBR317 | 8 | | |
| LEER111 | 8 | | | | | | |
| | | | | | | | |
| Totaal 1ste semester | 56 | Totaal 1ste semester | 64/72 | Totaal 1ste semester | 64 | Totaal 1ste semester | 80 |

| JAARVLAK 1 | | JAARVLAK 2 | | JAARVLAK 3 | | JAARVLAK 4 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TWEEDE SEMESTER | | TWEEDE SEMESTER | | TWEEDE SEMESTER | | TWEEDE SEMESTER | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD121 | 16 | ENTR221 | 8 | LLBR321 | 8 | LLBR421 | 16 |
| LLBR121 | 8 | LLBR221 | 16 | LLBR322 | 8 | LLBR422 | 8 |
| LLBR123 | 8 | LLBR222 | 8 | LLBR323 | 8 | LLBR425 | 16 |
| LLBR124 | 8 | LLBR223 | 8 | LLBR324 | 16 | LLBR426 | 16 |
| LLBR125 | 8 | LLBR224 | 8 | LLBR325 | 16 | LLBR451 | 16 |
| | | LLBR225 | 8 | LLBR326 | 8 | ABCD421 | 16 |
| | | ABCD221 | 8/0 | LLBR327 | 8 | | |
| Totaal 2de semester | 48 | Totaal 2de semester | 64/56 | Totaal 2de semester | 72 | Totaal 2de semester | 88 |
| Totaal Jaarvlak 1 | 104 | Totaal Jaarvlak 2 | 128 | Totaal Jaarvlak 3 | 136 | Totaal Jaarvlak 4 | 168 |
| Totale krediete vir die program | | | | | | | 536 |

**Opmerking:** Vir die betekenis van ABCD in hierdie tabelle, verwys na bladsy 16.

**Keusemodules**

| ABCD111 | | ABCD211 | | ABCD411 | |
|---|---|---|---|---|---|
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 4** | |
| **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| AFNL111 | 8 | RERP211 | 8 | LLBR411 | 16 |
| GRMN111 | 8 | AKLR111 | 8 | LLBR417 | 16 |
| FRAN111 | 8 | POLI111 | 8 | | |
| AKLR111 | 8 | ONBP111 | 8 | | |
| LATN111 | 8 | AFNL211 | 16 | | |
| ATSW114 | 8 | ENGL211 | 16 | | |
| AZOE114 | 8 | MHBP111 | 8 | | |
| ENGL111 | 8 | | | | |
| ABCD121 | | ABCD221 | | ABCD421 | |
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 4** | |
| **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | |
| AFNL121 | 16 | RERP221 | 8 | LLBR423 | 16 |
| GRMN121 | 16 | AKLR121 | 16 | LLBR424 | 16 |
| ATSW124 | 16 | ONBP121 | 16 | | |
| AZOE124 | 16 | POLI121 | 16 | | |
| ENGL121 | 16 | BSKP151 | 8 | | |
| FRAN121 | 16 | BSKP161 | 8 | | |
| AKLR121 | 16 | | | | |
| LATN121 | 16 | | | | |

**Opmerkings**:

Wanneer ‘n student in 'n taalmodule in die eerste semester (ABCD 111) registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule (ABCD 121) in dieselfde jaar geneem word.

Studente wat Antieke Kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

### R.2.5.1 Navorsingsverslag

a) Die suksesvolle afhandeling van 'n Navorsingsverslag (LLBR451) is 'n vereiste vir die voltooiing van die graad.

b) Ten aansien van die registrasie van Navorsingsverslagonderwerpe en die voorbereiding, indiening en eksaminering van die Navorsingsverslag, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Leerdershandleiding by die Skryf van Navorsingsverslae vir die Graad LL B in die Fakulteit Regte* soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

### R.2.5.2 Inskrywing volgens rooster

‘n student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die studente ingeskryf is, voorkom nie.

## R.2.6 EKSAMINERING

### R.2.6.1 Skriftelike werk

Ten aansien van die voorbereiding, indiening en eksaminering van alle skriftelike werk wat van die studente vereis mag word, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Leerdershandleiding by die Skryf van Navorsingsverslae vir die Graad LL B in die Fakulteit Regte* soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

### R.2.6.2 Samestelling van die deelnamepunt

Die deelnamepunt vir alle modules word ooreenkomstig die betrokke module se struktuur saamgestel uit die evalueringspunte wat vir toetse en werkstukke verwerf word. In modules op eerste, tweede en derde vlak dra die semestertoetspunt 'n gewig van 50% vir die berekening van die deelnamepunt, terwyl die ander helfte saamgestel moet word uit ten minste drie evalueringspunte. In modules op die vierde vlak word 'n semestertoets nie afgeneem nie en word die deelnamepunt uit 'n minimum van vier evalueringspunte saamgestel. In geen module word meer as ses evaluerings benewens die semestertoets en eksamen gedoen nie.

### R.2.6.3 Toelating tot die eksamen

a) Toelating tot die eksamen in enige module word aan ‘n student verleen op grond van die studente se verwerwing van ’n deelnamebewys in die betrokke module. ‘n student wat in ’n module ’n deelnamebewys verwerf het, het twee geleenthede waartydens in sodanige module eksamen afgelê kan word, waarvan die studente enige een of altwee kan benut, met dien verstande dat, waar ‘n student altwee sodanige geleenthede benut, die punt wat in die tweede eksamen verwerf word, die modulepunt bepaal. Studente wat van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, betaal die gelde daarvoor voorgeskryf.

b) In die modules wat in die eerste semester van die eerste jaar van die program geplaas is, is 'n deelnamepunt van 35% voldoende vir toelating tot die eksamen.

**R.2.6.4 Modulepunt**

Die modulepunt vir elke module word bereken deur die gemiddeld van die deelnamepunt en die eksamenpunt te bereken.

**R.2.6.5 Slaagvereistes**

a) Die slaagvereiste vir elke module is 50%, met dien verstande dat ten minste 45% in die eksamen behaal moet word.

b) Slegs in die geval van modules wat in die eerste semester van die eerste jaar geplaas is, word die slaagvereiste vir *bona fide* eerstejaarstudente soos volg verlig: indien 'n lae deelnamepunt veroorsaak dat die gemiddeld tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt laer as 50% is, word 'n modulepunt van 50% toegeken mits ten minste 50% in die eksamen behaal is.

**R.2.6.6 Toekenning van graad met lof en onderskeiding in 'n module**

‘n Student kan hierdie graad met lof verwerf en met onderskeiding in modules slaag indien aan die vereistes gestel in reël A.8.7.10 voldoen word. Vir hierdie doel geld alle modules wat "LLBR" in die modulekode bevat as kernmodules.

**R.2.6.7 Herhaling van modules**

Indien ‘n student nie tydens een van die twee eksamengeleenthede wat volg op die verwerwing van 'n deelnamepunt vir 'n bepaalde module in die eksamen slaag nie, moet die module herhaal word en 'n nuwe deelnamepunt opgebou word.

## R.2.7 LYS VAN MODULES: LL B (TELEMATIES) (PROGRAMKODE R401P)

Verwys na Engelse Jaarboek R.2.7.

**<u>NOTA:</u> Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die LLB-graad in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie.**

## R.3 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM MET REGSVAKKE

### R.3.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die duur van die studie vir die BA met Regsvakke is 'n minimum van drie en 'n maksimum van vier jaar.

### R.3.2 TOELATINGSVEREISTES

(i) Geen tersiêre onderwyskwalifikasie word vereis vir toelating tot die graad nie.

(ii) 'n Voornemende studente met matrikulasievrystelling met 'n M-telling van 14 of meer kwalifiseer vir toelating tot die studie.

#### R.3.2.1 Bepaling van die M-telling

Met inagneming van die Algemene Reëls en Fakulteitsreëls soos vervat in die betrokke jaarboeke en met spesifieke verwysing na Reël A.4.2 (wat bepaal dat skooleindsertifikate geëndosseer moet wees dat daar voldoen is aan die minimum statutêre vereistes vir toelating tot B-graadstudie aan 'n universiteit in die RSA - met ander woorde dat **volle matrikulasie-vrystelling/voorwaardelike vrystelling** verwerf is), behou die Universiteit hom die reg voor om die volgende keuringsmodel toe te pas, aan die hand van welke resultate oorweging aan kandidate se aansoeke verleen sal word.

**Keuringsmodel**

| Vaksimbool | Hoër Graad | Standaardgraad |
|---|---|---|
| A | 6 | 5 |
| B | 5 | 4 |
| C | 4 | 3 |
| D | 3 | 2 |
| E | 2 | 1 |
| F | 1 | 0 |

’n Maksimum van 4 vakke word gebruik om die M-telling te bepaal.

**L.W.** Die telling van die toepaslikste vak vir die betrokke studierigting dra dubbele gewig.

### Berekening van M-telling vir die BA-graad

M-telling : Onderrigtaal van voorgenome kwalifikasie (Afrikaans of Engels) x 2 + 3 beste vakke.

| Graad | Vereiste skool vakke | Aanslag vir toelating (vereiste M-telling)) | Keuringstoets |
|---|---|---|---|
| BA (3 jr) met regsvakke 1001451 – R301P | | 14 | |

## R.3.3 LYS VAN MODULES (VOLTYDS) (PROGRAMKODE: R301P)

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE** | | | |
| SKTA111 | Kommunikasievaardighede* | 4 | |
| SKTE111 | Communication Skills | 4 | |
| AFNL111 | Afrikaans: Taal sonder grense | 8 | |
| AFNL121 | Afrikaans Taal- en literatuurstudie | 16 | AFNL111 |
| AFNL211 | Afrikaans en Nederlands: Raamwerke vir Taal- en literatuurstudie | 16 | AFNL111, 121 |
| AFNL221 | Afrikaans en Nederlands: taal- en Literêre handelinge | 24 | AFNL111, 121 |
| AFNL311 | Afrikaans en Nederlands: Die veelheid van stemme (1) | 24 | AFNL211, 221 |
| AFNL321 | Afrikaans en Nederlands: Die veelheid van stemme (2) | 32 | AFNL211, 221 |
| AKLR111 | Ou Nabye Ooste en Griekeland | 8 | |
| AKLR121 | Antieke Rome en ander kulture | 16 | |
| ATSW114 | Basiese strukture van Tswana: (Derdetaal ) | 8 | |
| ATSW124 | Grammatikale strukture van Tswana (Derdetaal) | 16 | ATSW114 |
| AZOE114 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal) | 8 | |
| AZOE124 | Inleiding tot die Zoeloe-taalkunde (Derdetaal) | 16 | AZOE114 |
| ENGL111 | English in Context | 8 | |
| ENGL121 | Introduction to English Literary Studies | 16 | |
| ENGL211 | English in the SA Context | 16 | ENGL121 |
| ENGL221 | Individual & Society: Literary & Linguistic Perspectives | 24 | ENGL211 |

* Alle leerders moet sowel die Afrikaanse as die Engelse komponente van Kommunikasievaardighede en Communication Skills doen.

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| ENGL311 | Advanced Language and Literary Studies | 24 | ENGL221 |
| ENGL321 | 20 th Century Language and Literary Studies | 32 | ENGL311 |
| FRAN111 | Frans Elementêr | 8 | |
| FRAN121 | Frans Elementêr | 16 | |
| GRMN111 | Duits | 8 | |
| GRMN121 | Duits | 16 | |
| LATN111 | Latyn vir almal | 8 | |
| LATN121 | Regs- en Kerklatyn | 16 | LATN111 |
| LATN211 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis I | 16 | LATN121 |
| LATN221 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis II | 24 | LATN211 |
| LATN311 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis IIII | 24 | LATN221 |
| LATN321 | Latynse Outeurs en Romeinse Geskiedenis IV | 32 | LATN311 |
| POLI111 | Politiek, Staat en Regering | 8 | |
| POLI121 | Die Suid-Afrikaanse Politieke Stelsel | 16 | |
| POLI211 | Vergelykende Politiek | 16 | |
| POLI221 | Internasionale Politiek | 24 | |
| POLI311 | Politieke Deelname en Interaksie | 24 | |
| POLI321 | Politieke Idees en Ideologieë | 32 | |
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE** | | | |
| PSIG131 | Inleiding tot die Psigologie: fisiese en kognitiewe prosesse | 8 | |
| PSIG151 | Inleiding tot Psigologie: emosionele en wilsprosesse | 8 | |
| PSIG161 | Interpersoonlike, sosiale en gemeenskappsigologie | 8 | |
| PSIG211 | Menslike ontwikkeling in sosio-kulturele konteks | 16 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| PSIG241 | Perspektiewe op menswees | 8 | |
| PSIG251 | Psigologiese gesondheid: menslike sterktes en veerkragtigheid | 8 | |
| PSIG252 | Inleiding tot hulpverlening en etiek | 8 | |
| PSIG261 | Lewensvaardighede | 8 | |
| PSIG311 | Inleiding tot psigopatologie en -fortologie | 16 | |
| PSIG341 | Gemeenskapspsigologie en -programme | 8 | |
| PSIG323 | Gesondheids- en MIV-voorligting | 16 | |
| PSIG353 | Krisisintervensie | 8 | |
| PSIG363 | Menslike diversiteit | 8 | |
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE** | | | |
| MHBP111 | Inleiding tot mensehulpbron-bestuur | 8 | |
| BSKP151 | Beroepsgesondheid | 8 | |
| BSKP161 | Diversiteit in werkskonteks | 8 | |
| BSKP211 | Personeelsielkunde* | 16 | |
| BSKP251 | Beroepsielkunde* | 8 | |
| BSKP261 | Psigopatologie in werkskonteks* | 8 | |
| BSKP311 | Organisasiesielkunde* | 16 | |
| BSKP351 | Psigometrika* | 8 | |
| BSKP361 | Navorsingsmetodologie* | 8 | |
| **MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE** | | | |
| LLBR111 | Inleiding tot die Reg | 8 | |
| LLBR113 | Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg | 8 | |
| LLBR114 | Persone- en Huweliksreg | 8 | |
| LLBR121 | Strafreg: Algemene Beginsels | 8 | |
| LLBR123 | Kontemporêre Grondslae van die Suid-Afrikaanse Reg | 8 | |
| LLBR124 | Erfreg | 8 | |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet | Veronderstelde leereis en/of verwysing |
|---|---|---|---|
| LLBR125 | Regspersonereg | 8 | |
| LLBR211 | Algemene Regsleer | 16 | |
| LLBR213 | Sakereg | 8 | |
| LLBR214 | Regshermeneutiek | 8 | |
| LLBR215 | Bewysreg | 8 | |
| LLBR216 | Strafprosesreg | 8 | |
| LLBR217 | Strafreg: Besondere Misdade | 8 | |
| LLBR221 | Deliktereg | 16 | |
| LLBR222 | Regspraktyk | 8 | |
| LLBR223 | Strafproses- en Bewysreg | 8 | |
| LLBR224 | Arbeidsreg | 8 | |
| LLBR225 | Regspluralisme | 8 | |
| LLBR313 | Kontraktereg | 16 | |
| LLBR322 | Regskommunikasie en Navorsingsmetodologie | 8 | |
| **VERPLIGTE MODULES** | | | |
| LEER111 | Leer- en leesontwikkeling | 8 | |
| RINL111 | Rekenaar- en Inligtingsvaardighede | 8 | |
| ENTR221 | Kreatiewe entrepreneurskap | 8 | |
| WTLL221 | Wetenskapsleer | 8 | |

**Opmerking:**

* Studente wat Bedryfsielkunde as hoofvak wil neem moet daarop let dat hulle in hul tweede studiejaar 'n bykomende module ter waarde van 8 kredietpunte moet neem en in hul derde studiejaar 'n bykomende module of modules ter waarde van 16 krediet-punte.

**R.3.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES MET BETREKKING TOT VAKKE EN MODULES**

**R.3.3.1.1 Afrikaans en Nederlands**

a) Vir toelating tot Afrikaans: *Taal sonder grense (AFNL111)* en *Afrikaanse en Nederlandse Taal- en Literatuurstudie* (AFNL121) word minstens 'n E-

simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of ‘n C-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

b) Vir toelating tot *Die studie van Afrikaans: moedertaa*l (AFNT112) en *Afrikaanse taal- en literatuurstudie* (AFNT121) word minstens ‘n E-simbool vir Afrikaans Eerste Taal (hoër graad) of ‘n D-simbool vir Afrikaans Tweede Taal (hoër graad) op matriekvlak vereis.

c) AFNT111, AFNT112 en AFNT121 word slegs via die Universiteit se telematiese program aangebied.

d) Die studie van Afrikaans: niemoedertaal (AFNT111) het as teikengroep niemoedertaalsprekers van Afrikaans, maar *Die studie van Afrikaans: moedertaal* (AFNT112) kan gevolg word deur moedertaalleerders wat na-uurse akademiese kursuseenhede in Afrikaans in hulle program wil insluit.

e) Studente wat die telematiese kursuseenhede in Afrikaans (AFNT111, 121) suksesvol voltooi het en wil oorskakel na die voltydse kursuseenhede in Afrikaans en Nederlands (AFNL211,221), moet daarvoor aansoek doen by die vakvoorsitter. Ekstra werk in Nederlands tot die bevrediging van die vakgroep kan van hierdie studente geverg word. Die aanbied van die elektiewe modules AFNE211 en AFNE213 in ‘n gegewe jaar kan beïnvloed word deur die aantal studente wat vir die module registreer asook navorsingsverpligtinge en verlofreëlings van dosente.

f) Studente wat aan die toelatingsvereistes vir AFNL111,121 of AFNT111,121 voldoen, maar tog kommunikasieprobleme ondervind, word verwys na die voorsitter van die Vakgroep Afrikaans en Nederlands.

**R.3.3.1.2 Afrikatale**

a) Studente wat ‘n Sothotaal soos Tswana, Suid-Sotho of Noord-Sotho Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalkursusse van Tswana (ATSW114, ATSW124) inskryf nie.

b) Studente wat Zoeloe Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of die taal as moedertaal het, kan nie vir die derdetaalmodulevan Zoeloe (AZOE114, AZOE124) inskryf nie.

c) Studente wat Xhosa of Swati Eerstetaal in die matrikulasie-eksamen geslaag het of een van die tale as moedertaal het, word toegelaat om Zoeloe derdetaal (AZOE114, AZOE124) te neem.

d) As Tswana as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Zoeloe (AZOE114, AZOE124) in die program in te sluit.

e) As Zoeloe as hoofvak geneem word, is dit wenslik om ook Tswana (ATSW114, ATSW124) in die program in te sluit.

**R.3.3.1.3 Duits**

a) ‘n student wat Duits as matriekvak geslaag het, kan óf in sy eerste studiejaar vir GRMN111,121 óf in sy tweede studiejaar, na suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vir GRMN211,221 registreer.

b) ‘n student wat ’n taalsertifikaat in Duits aan ’n taalinstituut verwerf het, kan by suksesvolle aflegging van ’n toelatingstoets, vrystelling kry vir

GRMN111, maar moet vir GRMN121 registreer en dit slaag voordat hy/sy vir Duits (GRMN211,221) kan registreer.

c) Duits (as derdevlakkursus) kan deur UNISA afgelê word en sal deur die Noordwes-Universiteit erken word.

**R.3.3.1.4 English**

a) To register for English (ENGL111,121 — full-time, part-time or telematically) a learner must have obtained at least a C symbol (60%) in English Second Language (HG) or a D symbol in English First Language (HG) in the matriculation examination.

b) ENGL111, 121 are the only modules presented through the university's telematic system.

**R.3.3.1.5 Frans**

a) Om vir FRAN111,121/FRAB111, 121 te registreer, moet 'n student oor 'n matrikulasie-vrystellingsertifikaat beskik.

b) 'n Student wat in Frans gematrikuleer het, kan nie vir FRAN111, 121/FRAB111,121 registreer nie.

c) 'n Student wat in Frans gematrikuleer het en Frans as hoofvak wil neem, moet in die eerste studiejaar vir Antieke Kultuur (AKRL111,121) en in sy/haar tweede studiejaar vir FRAN211,221 registreer.

d) Studente met voorafkennis van Frans sal toegelaat word om direk te registreer vir FRAN211 ná die aflegging van 'n toets. Hierdie registrasie mag eers vanaf die tweede studiejaar gedoen word.

e) Studente wat FRAB111 en 121 geslaag het, word toegelaat om met FRAN211, 221 aan te gaan.

**R.3.3.1.6 Latyn**

a) 'n Student wat in Latyn gematrikuleer het, mag nie vir Latyn (LATN111, 121) registreer nie, maar mag inskryf vir LATN211,221.

b) Studente met Matrieklatyn wat Latyn as hoofvak wil neem, moet in die plek van LATN111,121 registreer vir Antieke Kultuur (AKLR111,121).

## R.3.4 PROGRAMUITKOMSTE VIR DIE BA-GRAAD

### R.3.4.1 Uittreevlakuitkomste

#### R.3.4.1.1 Geesteswetenskaplike probleemoplossing

Aan die einde van die studie is die studente in staat om sekere konvergente en divergente probleme in die geesteswetenskaplike en toepaslike tegnologiese velde te identifiseer, te evalueer, en kreatief en innoverend op te los.

#### R.3.4.1.2 Toepassing van fundamentele en spesialiskennis

Aan die einde van die studie is die studente in staat om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskap en die toepaslike inligtingstegnologie te integreer om spesifiek-geesteswetenskaplike menslike verskynsels te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos. Dit sluit in:

a) Toepassing van geesteswetenskaplike metodes op probleme deur toepaslike aanwending van

   i) formele analise en interpretasie van menslike aktiwiteite en probleme;

   ii) kommunikering van teorieë, konsepte en idees;

   iii) beredenering en konseptualisering van menslike aktiwiteite, stelsels en probleme;

b) Gebruik van beginsels, wette en tegnieke van die geesteswetenskap op fundamentele vlak om

   i) samelewingsproblematiek te identifiseer en op te los;

   ii) toepassings te identifiseer en aan te wend;

   iii) oor dissiplinegrense heen met gemeenskaplike fundamentele kundigheid te werk.

**R.3.4.1.3 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstegnologie**

Aan die einde van die studie is die studente in staat om toepaslike wetenskaplike metodes aan te wend en die resultate wat dit lewer, te evalueer;

**R.3.4.1.4 Professionele en algemene kommunikasie**

Aan die einde van die studie is die studente in staat om

a) sowel mondeling as skriftelik, effektief met wetenskaplikes en die gemeenskap te kommunikeer, deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning;

b) metodes van inligtingverskaffing vir gebruik deur ander in veral die wêreld van die geesteswetenskappe toe te pas.

**R.3.4.1.5 Impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing**

Die studente is krities bewus van

a) die impak van geesteswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing;

b) die impak van toepaslike tegnologie op die gemeenskap, en

c) die persoonlike, sosiale, en kulturele waardes en verwagtinge van diegene wat deur wetenskaplike aktiwiteite geraak word, in ag te neem.

**R.3.4.1.6 Span- en multidissiplinêre werk**

Aan die einde van die studie is die studente in staat om effektief as individu, in spanne en in multidissiplinêre omgewings te werk en leiers- en ander kritiese funksies te verrig.

**R.3.4.1.7 Lewenslange leer**

Die studente verstaan die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste toepaslike tegnologie en

tegnieke te bly, en is in staat om in lewenslange leer deur goed-ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

**R.3.4.1.8 Professionele etiek en praktyk**

Die studente is krities bewus van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en vaardighede te aanvaar, en is in staat om oordele te vel in verhouding tot kennis en ervaring.

**R.3.4.2 Kritieke uitkomste en geassosieerde evalueringskriteria:**

Die kritieke uitkomste van die program is in die uittreevlak-uitkomste geïntegreer, en word volledigheidshalwe weer hier saamgevat.

Aan die einde van sy studie vir die B A-graad sal die studente oor die volgende beskik:

a) Kennis

i) Aan die einde van die studie is die studente in staat om basiese kennis en tegnieke van die geesteswetenskappe te integreer om probleme in dié velde en die samelewing te kan oplos. Dit sluit in kennis van begrippe en strukture, prosedures en tegnieke, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes.

ii) Die studente sal kennis van en insig in die samehang van dissiplines uit die geesteswetenskaplike veld hê.

iii) Die studente sal vertroud wees met die basiese beginsels van die regswetenskap.

iv) Die studente sal vertroud wees met die teorie, terminologie en grondslae van die vakgebiede wat in die graad BA met Regsvakke ingesluit is.

b) Vaardighede

Die studente sal bemagtig wees om

i) kennis selfstandig te kan ontsluit (ook rekenaarmatig), toepas, analiseer, integreer en gefundeerd evalueer;

ii) kennis op die tersaaklike vakgebiede wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media;

iii) op beperkte skaal navorsing te kan doen en kennis te kan ontwikkel;

iv) krities en kreatief probleemoplossend te kan dink en handel;

v) as entrepreneur en intrapreneur te kan optree;

vi) in 'n groep te kan funksioneer en 'n leiersrol te kan vervul;

vii) vakkundige vaardighede in 'n samelewingsomgewing te kan implementeer.

c) Waardes, houdings en gesindhede

Die studente sal, vanuit 'n gefundeerde perspektief,

i) kennis dra van en waardering hê vir konsepte soos roepingsvervulling en diensbaarheid;

ii) bewus wees van die belangrikheid van professionele etiek;

iii) die medemens, die skepping en gesag kan respekteer;

iv) prinsipieel oor samelewingsvraagstukke kan dink en handel;

v) oor integriteit, deursettingsvermoë, noukeurigheid en presiesheid beskik;

vi) bewus wees van die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en in staat wees om in lewenslange leer deur goedontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

**R.3.4.3 Artikulasiemoontlikhede**

Ná suksesvolle voltooiing van die graad voldoen die studente aan die vereistes wat vir die eerste twee studiejare van die LL B gestel word. Die oorblywende modules wat vir die LL B vereis word kan dus binne twee verdere jare van studie afgehandel word.

Krediet vir modules wat by ander universiteite verwerf is, kan van die Direkteur: Onderrig versoek word. Die versoek word oorweeg aan die hand van die vraag of sodanige modules tot die bogemelde programuitkomste bydra.

Ná suksesvolle voltooiing van die graad kan direkte toegang tot 'n toepaslike honneursgraad ooreenkomstig die reëls van die betrokke Fakulteit verkry word.

## R.3.5 PROGRAM VIR DIE GRAAD BA MET REGSVAKKE

### R.3.5.1 Verpligte modules

| JAARVLAK 1 | | JAARVLAK 2 | | JAARVLAK 3 | |
|---|---|---|---|---|---|
| EERSTE SEMESTER | | EERSTE SEMESTER | | EERSTE SEMESTER | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD111* | 8 | LLBR213 | 8 | LLBR211 | 16 |
| ABCD111* | 8 | LLBR215 | 8 | LLBR214 | 8 |
| SKTA111 | 4 | LLBR216 | 8 | LLBR313 | 16 |
| SKTE111 | 4 | LLBR217 | 8 | ABCD311 | 24 |
| LLBR111 | 8 | ABCD211 | 16 | | |
| LLBR113 | 8 | | | | |
| LLBR114 | 8 | | | | |
| RINL111 | 8 | | | | |
| LEER111 | 8 | | | | |
| Totaal 1ste semester | 64 | Totaal 1ste semester | 48 | Totaal 1ste semester | 64 |

| TWEEDE SEMESTER | | TWEEDE SEMESTER | | TWEEDE SEMESTER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| ABCD121* | 8 | ENTR221 | 8 | LLBR221 | 16 |
| ABCD121* | 8 | LLBR124 | 8 | LLBR222 | 8 |
| LLBR121 | 8 | LLBR223 | 8 | LLBR224 | 8 |
| LLBR123 | 8 | LLBR225 | 8 | LLBR322 | 8 |
| LLBR125 | 8 | WTLL221 | 8 | ABCD321 | 32 |
| | | ABCD221 | 24 | | |
| Totaal 2de semester | 40 | Totaal 2de semester | 64 | Totaal 2de semester | 72 |
| Totaal Jaarvlak 1 | 104 | Totaal Jaarvlak 2 | 112 | Totaal Jaarvlak 3 | 136 |

**Opmerking:** Vir die betekenis in hierdie tabelle van ABCD, verwys na R.3.5.2.

**R.3.5.2 Keusemodules**

| ABCD111 | | ABCD211 | | ABCD311 | |
|---|---|---|---|---|---|
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 3** | |
| **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | | **EERSTE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| AFNL111 | 8 | AFNL211 | 16 | AFNL311 | 24 |
| GRMN111 | 8 | ENGL211 | 16 | ENGL311 | 24 |
| FRAN111 | 8 | LATN211 | 16 | LATN311 | 24 |
| AKLR111 | 8 | POLI211 | 16 | POLI311 | 24 |
| LATN111 | 8 | PSIG211 | 16 | PSIG311 | 16 |
| ATSW114 | 8 | BSKP211 | 16 | PSIG341 | 8 |
| AZOE114 | 8 | PSIG241 | 8 | BSKP311 | 16 |
| ENGL111 | 8 | | | | |
| POLI111 | 8 | | | | |
| PSIG131 | 8 | | | | |
| BSKP111 | 8 | | | | |

| ABCD121 | | ABCD221 | | ABCD321 | |
|---|---|---|---|---|---|
| **JAARVLAK 1** | | **JAARVLAK 2** | | **JAARVLAK 4** | |
| **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | | **TWEEDE SEMESTER** | |
| Kode | KR | Kode | KR | Kode | KR |
| AFNL121 | 16 | AFNL221 | 24 | AFNL321 | 32 |
| GRMN121 | 16 | ENGL221 | 24 | ENGL321 | 32 |
| FRAN121 | 16 | LATN221 | 24 | LATN321 | 32 |
| AKLR121 | 16 | POLI221 | 24 | POLI321 | 32 |
| LATN121 | 16 | PSIG251 | 8 | PSIG323 | 16 |
| ATSW124 | 16 | PSIG252 | 8 | PSIG353 | 8 |
| PSIG151 | 8 | PSIG261 | 8 | PSIG363 | 8 |
| PSIG161 | 8 | BSKP251 | 8 | BSKP351 | 8 |
| AZOE124 | 16 | BSKP261 | 8 | BSKP361 | 8 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ENGL121 | 16 | | | | |
| POLI121 | 8 | | | | |
| POLI122 | 8 | | | | |
| BSKP151 | 8 | | | | |
| BSKP161 | 8 | | | | |

**Opmerkings:**

* Een moet 'n taalvak wees

Wanneer ‘n student in 'n taalvak in die eerste semester (ABCD 111) registreer, moet die bypassende tweedesemestermodule (ABCD 121) in dieselfde jaar geneem word.

Studente wat Antieke Kultuur neem as 'n taalmodule, kan dit nie weer as 'n keusemodule neem nie.

Studente wat politieke studies as hoofmodule wil neem, skryf in vir alle POLI-modules. Modules met 'n POLI-kode faseer in vanaf 2002 op eerstejaarsvlak vir telematies.

### R.3.6 INSKRYWING VOLGENS ROOSTER

‘n student word nie toegelaat om vir 'n module in te skryf indien daar ooreenkomstig die standaard lesing-, toets- en eksamenrooster 'n roosterbotsing ten opsigte van 'n ander module waarvoor die studente ingeskryf is, voorkom nie.

### R.3.7 TOEKENNING VAN GRAAD MET LOF EN MET ONDERSKEIDING IN 'N MODULE

‘n student kan hierdie graad met lof verwerf en met onderskeiding in bepaalde modules indien daar aan die vereistes van reël A.8.7.10 voldoen is.

Vir die doel van toekenning van ’n graad met lof word alle modules behalwe SKTA 111, RINL 111, LEER 111, ENTR 221 en WTLL 221 as kernmodules gereken.

### R.3.8 LYS VAN MODULES (TELEMATIES) (PROGRAMKODE: R301P)

Verwys na Engelse Jaarboek R.3.8.

### R.3.9 PROGRAM VIR DIE BA-GRAAD MET REGSVAKKE (TELEMATIES)

Verwys na Engelse Jaarboek R.3.9.

**<u>NOTA:</u> Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die BA-graad met Regsvakke in die telematiese program in 2006 aanvaar word nie.**

## R.4 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER LEGUM (LL M) EN MAGISTER PHILOSOPHIAE (M PHIL)*

Die LL M/M Phil is 'n kwalifikasie wat daarop gemik is om gevorderde navorsingsvaardigheid te ontwikkel. Die graad kan behaal word óf deur die skryf van 'n verhandeling óf deur 'n skripsie te skryf asook vraestelle af te lê in die modules voorgeskryf vir 'n gestruktureerde kwalifikasie in Arbeidsreg, Boedelreg, In- en Uitvoerreg, Publiekreg of Omgewingsreg en –beheer.

### R.4.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

a) Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne drie jaar na registrasie moet ‘n student aan al die vereistes vir die graad LL M/M Phil voldoen. Indien ‘n student die studie na drie jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur: Navorsingsfokusarea kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:

   i) die vordering wat reeds deur die student gemaak is;

   ii) die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi;

   iii) of die onderwerp van die studie of van die voorgenome verhandeling of werkstuk nog sinvol en relevant is;

   iv) of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en

   v) of die studieleier nog beskikbaar is.

b) Die sluitingsdatum vir registrasie vir gestruktureerde LL M/M Phil is 31 Januarie.

c) Voltydse LL M/M-Phil-studente moet hulle navorsingsvoorstelle vir verhandelings of skripsies voor 31 Mei indien.

### R.4.2 TOELATINGSVEREISTES

Om toelating tot die LL M-studie te verkry, moet ‘n student voldoen aan die vereistes wat hierdie of enige ander Suid-Afrikaanse universiteit vir die graad LL B stel. ‘n Student wat oor ‘n ander vierjarige regsgraad van hierdie of ‘n ander universiteit beskik kan aansoek doen om toelating tot die LL M-graad. Sodanige student moet voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorlê. Voorts kan die Direkteur: Navorsingsfokusarea vereis dat ‘n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word. Van ‘n student wat die graad LL M wil verwerf in ‘n module wat nie vir die graad LL B geneem is of waarin swak gepresteer is, kan ‘n toelatingseksamen in die betrokke module deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorgeskryf word. Nuwe aansoeke vir die graad word slegs aanvaar indien die Direkteur: Navorsingsfokusarea van oordeel is dat voldoende aanvraag vir die program bestaan.

In die geval van die LL M Boedelbeplanning kan dit verder van ‘n student verwag word om ‘n kursus in voorgraadse Belastingreg te slaag.

* M Phil: Hangende goedkeuring.

Om toelating tot die M Phil in Omgewingsreg en -beheer te verkry, kan ‘n student wat oor ‘n vierjarige universiteitsgraad beskik aansoek doen om toelating tot die M Phil in Omgewingsreg en -beheer. Sodanige student moet eers die volgende voorgraadse modules (of module-ekwivalente by ‘n ander Suid-Afrikaanse Universiteit) geslaag het: LLBR111 (Inleiding tot die Reg); LLBR213 (Sakereg), LLBR317 (Staatsreg en Plaaslike Owerheidsreg), LLBR321 (Administratiefreg) en LLBR411 (Omgewingsreg). Daar kan voorts van die student verwag word om voldoende skriftelike bewys van kundigheid en praktykservaring in die betrokke vakgebied aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voor te lê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.

## R.4.3 LYS VAN MODULES

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMA879 | Individuele Arbeidsreg | 16 |
| LLMA883 | Sosiale Sekerheid en Beroepsgesondheid | 16 |
| LLMA884 | Kollektiewe Bedinging en Geskilbeslegting | 16 |
| LLMA875 | Internasionale en Vergelykende Arbeidsreg | 16 |
| LLMA878 | Beroepsveiligheidsreg | 16 |
| LLMB874 | Belastingreg | 16 |
| LLMB875 | Boedelbeplanning | 16 |
| LLMB876 | Sakereg en Eiendomswetgewing | 16 |
| LLMB877 | Huweliksgoederereg | 8 |
| LLMB878 | Erfreg | 8 |
| LLMI874 | Internasionale Betalingsinstrumente, Waarborge en Versekeringsreg | 16 |
| LLMI875 | Internasionale Kontraktereg | 16 |
| LLMI876 | Internasionale Vervoerreg | 16 |
| LLMI877 | Administratief- en Volkereg | 16 |
| LLMI878 | Belasting en Valutareg | 16 |
| LLMI881 | Internasionale Privaatreg en Internasionale Handelsinstrumente in Suidelike Afrika | 16 |
| LLMI882 | Oorgrens Insolvensies en Internasionale Oordrag van Tegnologie | 16 |
| LLMI884 | Internasionale Kommersiële Arbitrasie | 16 |
| LLMO875 | SAOG Omgewingsreg | 16 |
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| LLMO877 | Suid-Afrikaanse Omgewingsreg | 16 |
| LLMO878 | Grond en Beplanningsreg | 16 |
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP875 | Fundamentele Regte | 16 |
| LLMP876 | Grondwetlike hermeneutiek | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMP878 | Regsfilosofie | 16 |
| LLMP879 | Vergelykende Staatsreg | 16 |
| LLMP884 | Volkereg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| LLMV871 | Verhandeling | 128 |
| OMBO878 | Omgewingsbestuur | 16 |
| MPGA816 | Openbare Bestuur | 16 |

## R.4.4 PROGRAMUITKOMSTE

Na voltooiing van die program moet die student te demonstreer dat hy/sy vertroud is met die metodes en tegnieke van navorsing wat vir 'n meestersgraad in die Regte vereis word. Die student moet die navorsingsresultate kan kommunikeer met die hulp van toepaslike media en in die vorm van ‘n verhandeling of ‘n vollengte artikel. Verder moet die student kan demonstreer dat hy/sy op ‘n gevorderde vlak kennis van en insig het in die regsreëls met betrekking tot die verskillende subprogramme, die toepaslike regsreëls wetenskaplik kan navors en op feitesituasies kan toepas.

## R.4.5 PROGRAMME VIR DIE LL M/M PHIL-GRAAD

### R.4.5.1 LL M verwerf deur die skryf van 'n verhandeling

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n verhandeling oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur: Navorsingsfokusarea voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is.

#### R.4.5.1.1 Program: Verhandeling (Programkode: R801P)

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMV871 | Verhandeling | 128 |
| | **Krediettotaal vir die program** | **128** |

### R.4.5.2 Gestruktureerde LL M's / M Phil

#### R.4.5.2.1 Program: Boedelreg (Programkode: R802P)

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMB874 | Belastingreg | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| LLMB875 | Boedelbeplanning | 16 |
| LLMB876 | Sakereg en Eiendomswetgewing | 16 |
| LLMB877 | Huweliksgoederereg | 8 |
| LLMB878 | Erfreg | 8 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Krediettotaal vir die program** | **128** |

**R.4.5.2.2 Program: In- en Uitvoerreg (Programkode: R803P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Verpligte modules

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI874 | Internasionale Betalingsinstrumente, Waarborge en Versekeringsreg | 16 |
| LLMI875 | Internasionale Kontraktereg | 16 |
| LLMI876 | Internasionale Vervoerreg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | 112 |

Kies twee van die volgende modules

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI877 | Administratief- en Volkereg | 16 |
| LLMI878 | Belasting en Valutareg | 16 |
| LLMI881 | Internasionale Privaatreg en Internasionale Handelsinstrumente in Suidelike Afrika | 16 |
| LLMI882 | Oorgrens Insolvensies en Internasionale Oordrag van Tegnologie | 16 |
| LLMI884 | Internasionale Kommersiële Arbitrasie en Transnasionale Insolvensie | 16 |
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | **32** |
| | **Totaal vir die program** | **144** |

**R.4.5.2.3 Progam: LL M in Publiekreg (Programkode: R804P)**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Verpligte module

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMS873 | Skripsie | 64 |
| | **Krediettotaal vir die module** | **64** |

Kies enige vier van volgende modules

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP875 | Fundamentele Regte | 16 |
| LLMP876 | Grondwetlike Hermeneutiek | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |
| LLMP878 | Regsfilosofie | 16 |
| LLMP879 | Vergelykende Staatsreg | 16 |
| LLMP884 | Volkereg | 16 |
| | **Krediettotaal vir die modules** | **64** |
| | **Krediettotaal vir die program** | **128** |

**R.4.5.2.4 Program: LL M in Arbeidsreg (Programkode: R805P)**

Die program word uit die volgende verpligte modules saamgestel:

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMA879 | Individuele Arbeidsreg | 16 |
| LLMA883 | Sosiale Sekerheid en Beroepsgesondheid | 16 |
| LLMA884 | Kollektiewe Bedinging en Geskilbeslegting | 16 |
| LLMA875 | Internasionale en Vergelykende Arbeidsreg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **128** |

**R.4.5.2.5 Program: LL M / M Phil in Omgewingsreg en –beheer * (Programkode: LLM R806P) M Phil )**

Die program word uit die volgende modules saamgestel:

Verpligte modules

* M Phil: hangende goedkeuring

| Module-kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMO877 | Suid-Afrikaanse Omgewingsreg | 16 |
| LLMO878 | Grond en Beplanningsreg | 16 |
| LLMS873 | Navorsingsmetodologie en Skripsie | 64 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **96** |

Kies twee van die volgende modules:

| Module-kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMO874 | Internasionale Omgewingsreg | 16 |
| LLMO875 | SAOG Omgewingsreg | 16 |
| LLMP874 | Administratiefreg | 16 |
| LLMP877 | Plaaslike Owerheidsreg | 16 |
| MPGA816 | Openbare Bestuur | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| LLMA878 | Beroepsveiligheidsreg | 16 |
| OMBO878 | Omgewingsbestuur* | 16 |
| **Krediettotaal vir die modules** | | **32** |
| **Totaal vir die program** | | **128** |

**Opmerking:** Die graad is so saamgestel dat dit vir verskeie beroepsmoontlikhede voorsiening maak. Iemand uit die staatsdiens sal byvoorbeeld tipies die verpligte kursusse Openbare Administrasie en Administratiefreg as keusemodules kon kies. Regsgeleerdes wat op die gebied van in en uitvoer werk, sal byvoorbeeld Internasionale Omgewingsreg en SADC Omgewingsreg kies. Regsgeleerdes wat met grondreg werk of 'n persoon wat uit die plaaslike owerhede kom, sal byvoorbeeld Plaaslike Owerheidsreg en Administratiefreg as keusemodules kon kies. 'n Algemene regspraktisyn wat in Suid-Afrikaanse Omgewingsreg wil spesialiseer, sal waarskynlik Omgewingsbestuur en Beroepsveiligheid en Gesondheidsreg as keusemodules kan kies.

## R.4.6 EKSAMINERING

### R.4.6.1 LL M verwerf deur die skryf van 'n verhandeling

a) Ten einde toelating tot die skryf van die verhandeling te verwerf, moet ‘n student in 'n eksamen slaag in 'n kernmodule en twee bymodules wat deur die studieleier in oorleg met die Direkteur: Navorsingsfokusarea vir die spesifieke studie voorgeskryf is. Die evaluering van die studente geskied by wyse van 'n mondelinge onderhoud voor 'n paneel wat deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea aangewys is en waarvan ten minste een lid 'n deskundige moet wees wat nie in diens van die Universiteit is nie. Die studente kan ook versoek dat die evaluering by wyse van vraestelle of ander skriftelike werkstukke gedoen word, in welke geval die vraestelle en werkstukke ekstern gemodereer moet word.

b) As riglyn vir die omvang van die verhandeling word 100 A4 bladsye getik in 12 pt lettergrootte met 1½ spasiëring gestel. Wesenlike afwyking hiervan moet voor indiening vir eksaminering deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea goedgekeur word aan die hand van die vraag of dit in die besondere geval gepas is. Die eksaminering van die verhandeling geskied volgens die voorskrifte vervat in die A-reëls.

c) Om toelating tot die skryf van 'n verhandeling te verkry, moet die studente 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorlê.

---

* Die module Omgewingsbestuur word al om die tweede jaar aangebied. Die eerste aanbiedingsdatum is 2007.

**R.4.6.2 Gestruktureerde LL Ms / M Phil**

a) Benewens die skryf van 'n skripsie, word assesering in elk van die modules in die program van die betrokke gestruktureerde LL M / M Phil by wyse van geskrewe vraestelle afgeneem.

b) Die student moet in die vraestelle demonstreer dat hy/sy op ‘n gevorderde vlak:

(i) die toepaslike raamwerk, waardes en beginsels te kan vasstel en wetenskaplik daarmee te kan omgaan

(ii) die toepaslike regsreëls wetenskaplik kan navors en op feitesituasies kan toepas.

c) Studente moet werkstukke wat aan die navorsings- en stylvereistes van die Fakulteit voldoen, voltooi. Die punte van die werkstukke vorm deel van die modulepunt wat behaal word. Die punte verwerf vir die werkstukke maak 50% uit van die finale punt wat vir die module behaal word.

d) Om toelating tot die skryf van 'n skripsie te verkry, moet die student ‘n kursus in navorsingsmetodologie voltooi en 'n bevredigende navorsingsvoorstel in oorleg met 'n studieleier aan die Direkteur: Navorsingsfokusarea voorlê.

e) Die skripsie moet na die oordeel van die eksaminatore geskik wees vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

f) By die berekening van die finale punt vir die graad word 50% toegeken vir die navorsingsverslag, 25% vir die navorsingswerkstukke en 25% vir die punte behaal in die eksamenvraestelle.

## R.5 REELS VIR DIE GRAAD DOCTOR LEGUM (LL D) (PROGRAMKODE: R901P)

### R.5.1 LL D VERWERF DEUR DIE SKRYF VAN 'N PROEFSKRIF

Die graad kan toegeken word op sterkte van 'n proefskrif oor 'n onderwerp in enige regsmodule ten opsigte waarvan daar na die oordeel van die Direkteur: Navorsingsfokusarea voldoende deskundigheid vir effektiewe leiding aan studente in die Fakulteit beskikbaar is.

### R.5.2 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studietydperk strek oor minstens twee studiejare. Binne vyf jaar na registrasie moet ‘n student aan al die vereistes vir die graad LL D voldoen. Indien ‘n student die studie na vyf jaar nog nie voltooi het nie, word die studie getermineer. Die Direkteur: Navorsingsfokusarea kan egter tot 'n verlenging van die tydperk instem na oorweging van:

a) die vordering wat reeds gemaak is;

b) die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi;

c) die vraag of die oorspronklike motivering nie reeds verval het nie;

d) die vraag of daar nie ander kandidate is wat oor dieselfde onderwerp navorsing gedoen het, doen of wil doen nie; en

e) die vraag of die promotor nog beskikbaar is.

### R.5.3 TOELATINGSVEREISTES

Om toelating tot die LL D-studie te verkry, moet ‘n student oor 'n LL M-graad van hierdie of 'n ander Suid-Afrikaanse universiteit beskik of oor die status van sodanige magistergraad wat deur die Senaat op versoek verleen kan word. Voorts kan die Direkteur: Navorsingsfokusarea vereis dat ‘n student voldoende bewys van navorsingsvaardigheid moet voorlê alvorens toestemming tot registrasie verleen word.

### R.5.4 LYS VAN MODULES EN PROGRAM

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediet |
|---|---|---|
| LLDP991 | Proefskrif | **256** |
| | **Kredietttotaal vir die program** | **256** |

### R.5.5 PROGRAMUITKOMSTE

In die loop van die studie moet die LL D-studente —

a) bewys lewer van deeglike beheersing van die toepaslike navorsingsvaardighede, deur onder meer 'n tersaaklike, lewensvatbare navorsingstema te formuleer en dit aan die hand van 'n helder probleemstelling te motiveer,

uitgangspunte, veronderstellings en hipoteses te ontwikkel, 'n raamwerk vir die probleemoplossing daar te stel en 'n uitvoerbare navorsings-program te ontwerp;

b) oor die vermoë beskik om toepaslike bronnemateriaal te vind, sinvol met kundiges op die terrein van die navorsing saam te werk en die tersaaklikheid van uiteenlopende gegewens wat op die navorsingstema van toepassing is, te integreer en selfstandige standpunte daaroor in te neem, en

c) aan die hand van die proefskrif bewys lewer dat hy of sy met die metode van navorsing wat op vlak 8 vir die doktorale status vereis word, vertroud is.

## R.5.6 EKSAMINERING

a) Ten einde toelating tot die skryf van 'n proefskrif te verwerf, moet ‘n student in 'n eksamen slaag oor 'n kernmodule en twee bymodules wat deur die promotor in oorleg met die Direkteur: Navorsingsfokusarea vir die spesifieke studie voorgeskryf is. Die evaluering van die studente geskied by wyse van 'n mondelinge onderhoud voor 'n paneel wat deur die Fakulteitsraad aangewys is en waarvan ten minste een lid 'n deskundige moet wees wat nie in diens van die Universiteit is nie.

b) ‘n student kan op versoek van die vereiste mondelinge eksamen bedoel in (i) deur die Direkteur: Navorsingsfokusarea vrygestel word op grond van bevredigende getuienis dat 'n vergelykbare en toepaslike eksamen deur die studente afgelê is ter voorbereiding van die verwerwing van die LL M.

c) 'n Proefskrif word ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die A-reëls geëksamineer.

## R.6 REËLS VIR DIE DIPLOMA IN LAW (PARALEGAL PRACTICE) (PROGRAMKODE: R101T)

Die diploma word in Engels aangebied.

Verwys na Engelse Jaarboek R.6.

**NOTA:** **Let op dat geen nuwe eerste registrasies vir die *Diploma in Law (Paralegal Practice)* in die telematiese program vanaf 2006 aanvaar word nie.**

## R.7 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN BOEDELREG (PROGRAMKODE: R501P)*

*** NOTA: Geen nuwe eerste inskrywings word vanaf 2006 vir hierdie diploma aanvaar nie.**

### R.7.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne drie jaar na registrasie moet ‘n student aan al die vereistes vir die Diploma in Boedelreg voldoen, met dien verstande dat die Fakulteitsraad na verloop van hierdie termyn elke jaar opnuut die aansoek oorweeg met inagneming van die vordering wat reeds gemaak is en die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi.

### R.7.2 TOELATINGSVEREISTES

‘n student vir die Nagraadse Diploma in Boedelreg moet reeds oor 'n baccalaureusgraad beskik en reeds 'n kursus in Inleiding tot die Reg, Deliktereg, Erfreg, Kontraktereg, Sakereg en Siviele Prosesreg geslaag het as deel van die graad hierbo genoem.

### R.7.3 LYS VAN MODULES

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMB574 | Belastingreg | 16 |
| LLMB575 | Boedelbeplanning | 24 |
| LLMB578 | Erfreg | 16 |
| LLMB577 | Huweliksgoederereg | 16 |
| LLMB576 | Sakereg en Eiendomswetgewing | 24 |
| | **Kredietotaal vir die program** | **96** |

### R.7.4 PROGRAMUITKOMSTE

'n Kwalifiseerder moet by uittrede uit die program in staat wees om

a) samelopende en uiteenlopende problematiek in die Boedelreg te identifiseer, te evalueer en op 'n kreatiewe en innoverende wyse op te los.

b) bewys te lewer dat hy/sy oor voldoende teoretiese regskundigheid beskik om die praktiese regsuitwerking van advies aan boedelhouers te begryp, te evalueer en te integreer.

c) effektief en op 'n professionele wyse met 'n boedelhouer te konsulteer met die oog op die ontleding van sy/haar vermoënsposisie vir doeleindes van die strategiese *inter vivos* en *mortis causa* beplanning van sy/haar boedel.

d) aan die hand van die ontleding soos in (c) hierbo bedoel, die boedelhouer in die beplanningsproses te begelei en van praktiese, dog wetenskaplik-, professioneel- en eties verantwoorde advies te bedien wat uiteindelik moet kulmineer in die sistematiese ontwerp, saamstel, skryf en aanbieding van 'n geïntegreerde en implementeerbare boedelplan.

### R.7.5 EKSAMINERING

Die eksamen bestaan uit een geskrewe vraestel per module.

## R.8 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN IN- EN UITVOERREG (PROGRAMKODE: R502P)*

*** NOTA: Geen nuwe eerste inskrywings word in 2006 vir hierdie diploma aanvaar nie.**

### R.8.1 MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR

Die studietydperk strek oor minstens een studiejaar. Binne drie jaar na registrasie moet 'n student aan al die vereistes vir die Diploma in In- en Uitvoerreg voldoen, met dien verstande dat die Fakulteitsraad na verloop van hierdie termyn elke jaar opnuut die aansoek oorweeg met inagneming van die vordering wat reeds gemaak is en die waarskynlikheid dat die studente dit wel sal voltooi.

### R.8.2 TOELATINGSVEREISTES

'n student vir die Nagraadse Diploma in In- en Uitvoerreg moet reeds oor 'n baccalaureusgraad beskik en 'n kursus in Inleiding tot die Reg, Deliktereg, Kontraktereg, Sakereg en Siviele Prosesreg geslaag het as deel van die graad hierbo genoem.

### R.8.3 LYS VAN MODULES

**Verpligte modules**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI574 | Internasionale Betalingsinstrumente en Waarborge | 32 |
| LLMI575 | Internasionale Kontraktereg | 16 |
| LLMI576 | Internasionale Vervoerreg | 16 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **64** |

**Twee van die volgende modules**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| LLMI577 | Administratief- en Volkereg | 16 |
| LLMI578 | Belasting en Valutareg | 16 |
| LLMI580 | Internasionale Kommersiële Arbitrasie en Transnasionale Insolvensie | 16 |
| LLMI581 | Internasionale Privaatreg en Regsvergelyking | 16 |
| | **Kredietttotaal vir die modules** | **32** |

| | |
|---|---|
| **Totaal vir die program** | **96** |

## R.8.4 PROGRAMUITKOMSTE

'n Kwalifiseerder moet by uittrede uit die program in staat wees om

a) bewys te lewer dat hy/sy oor voldoende teoretiese regskundigheid beskik om die praktiese regsuitwerking van advies aan in- en uitvoerders te begryp, te evalueer en te integreer.

b) effektief en op 'n professionele wyse met 'n in- en uitvoerders te konsulteer en te adviseer met die oog op die skepping van die raamwerk waarbinne internasionale handel moet plaasvind.

c) aan die hand van die raamwerk soos in (b) hierbo bedoel, die internasionale handelsverkeer meer toeganklik te maak vir die kleinsakeman, die informele sektor en die boer in landelike gebiede.

## R.8.5 EKSAMINERING

Die eksamen bestaan uit een geskrewe vraestel per module.

## VOORGRAADSE MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE

**LLBR111 INLEIDING TOT DIE REG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om uself te oriënteer ten aansien van die studieveld van die reg en vertroud te wees met die basiese terme en klassifikasies waarmee in die regswetenskap gewerk word.

**LLBR113 HISTORIESE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die belang van regshistoriese studie te verstaan en behoort u in staat te wees om die eksterne grondslae van die Suid-Afrikaanse reg sowel as die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse prosesreg, erfreg, publiekreg, persone- en familiereg op feitesituasies toe te pas.

**LLBR114 PERSONE- EN HUWELIKSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die algemene beginsels rondom regsubjektiwiteit en status van 'n regsubjek te beskryf en faktore wat sy/haar status beïnvloed, uiteen te sit; die formaliteite vir 'n regsgeldige huwelik te identifiseer.

**LLBR121 STRAFREG: ALGEMENE BEGINSELS**

PK 3 uur 1:1

Na die voltooiing van hierdie module behoort u in staat wees om die regsreëls en -beginsels waarvolgens die staatsowerheid 'n dader vir sy of haar wederregtelike skuldige gedrag kan straf, te kan selekteer en toe te pas.

**LLBR123 KONTEMPORÊRE GRONDSLAE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u insig hê in en in staat wees om die interne grondslae van die Suid-Afrikaanse sakereg, deliktereg en kontraktereg te identifiseer en in gegewe feitesituasies toe te pas.

**LLBR124 ERFREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsreëls of regsnorme waarvolgens 'n natuurlike persoon se boedel na sy of haar afsterwe (testaat of intestaat) verdeel moet word, te kan identifiseer en toe te pas.

**LLBR125 REGSPERSONEREG EN INLEIDENDE ONDERNEMINGSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsubjektiwiteit van regspersone, die vereistes vir regshandelinge deur verskillende soorte regspersone en die konstitusionele voorskrifte in verband met die regte en verpligtinge van regspersone te beskryf en krities te evalueer. U behoort ook in staat te wees om in die algemeen die eienskappe en kenmerke van die verskillende ondernemingsvorme wat in die handelsomgewing gebruik word te kan beskryf met die klem op ondernemingsvorme wat regspersoonlikheid het.

**LEER111 MODULE VIR LEER- EN LEESONTWIKKELING**

PK / T 90 min 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort jy

- kennis te dra van wat hoër onderwys en gevorderde studie is;
- jouself as studente beter te ken om doeltreffend en gemotiveerd te kan studeer;
- beter denkvaardighede te besit soos om krities te dink en verskillende leerstrategieë doeltreffend te kan gebruik om nuwe kennis met bestaande te kan integreer en kennisraamwerke te kan bou;
- kontakgeleenthede met dosente en leerfasiliteerders doeltreffend in die leerproses te benut;
- doelmatig en doeltreffend tyd kan bestuur;
- doeltreffend en voorbereid eksamen te kan skryf
- beter in ’n groep te kan saamwerk
- beter toegerus te wees met lewensvaardighede wat sal lei tot optimalisering van jou potensiaal en
- ’n minimum verlangde vlak van leesvaardigheid bereik het.

**RINL111 REKENAAR- EN INLIGTINGVAARDIGHEDE**

PK / T 90 min 1:1

**REKENAARVAARDIGHEDE:**
Na voltooiïng van hierdie module behoort studente oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaard woordverwerking-, sigblad-, aanbiedings- en webleserprogrammatuur effektief te gebruik.

**INLIGTINGSVAARDIGHEDE:**
Studente behoort oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om wetenskaplike inligting met behulp van verskeie tegnologieë (soos die Internet en die nuutste tipes databasisse) vanuit 'n verskeidenheid bronne (soos boeke, tydskrifte, die Web) op te spoor, te evalueer, te verwerk en te kommunikeer. Hierdie module word ten volle rekenaarmatig aangebied. Na voltooiing van hierdie module behoort studente oor die kennis, vaardighede en houdings te beskik om die rekenaar en standaard woordverwerking-, sigblad-, aanbiedings- en webleserprogrammatuur effektief te gebruik én om wetenskaplike inligting met behulp van verskeie tegnologieë vanuit 'n verskeidenheid bronne op te spoor, te verwerk en te kommunikeer.

**LLBR211 ALGEMENE REGSLEER**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die basiese terminologie van die Algemene Regsleer te beheers; te onderskei tussen 'n aantal verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie; standpunte van 'n aantal denkskole oor bepaalde

onderwerpe en probleme te verstaan, sodanige standpunte krities met mekaar te kan vergelyk en u eie standpunt oor die aangeleenthede te kan formuleer; die standpunte van 'n Reformatoriese regsleer oor bogenoemde probleme te kan verduidelik en beoordeel.

**LLBR213 SAKEREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die verskillende regsverhoudings tussen 'n persoon (regsubjek) en sy/haar eiendom of bates (regsobjekte) te omskryf en aan die hand die beheersvereistes van elke tipe regsverhouding toe te pas.

**LLBR214 REGSHERMENEUTIEK**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om wetgewing, internasionale konvensies en grondwetlike bepalings te interpreteer deur gebruik te maak van die reëls en vermoedens van wetsuitleg**.**

**LLBR215 BEWYSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die geskilpunte in 'n hofsaak vas te stel, relevansie en toelaatbaarheid van getuienis te beoordeel en die uitsluitingsreëls op feitestelle toe te pas. U behoort verder in staat te wees om die hof te help om tot 'n feitebevinding te kom en u behoort toegerus te wees om as aanklaer, prokureur of advokaat in die hof te kan optree.

**LLBR216 STRAFPROSESREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module moet u in staat wees om die Strafprosesregteorie te kan toepas in 'n strafhof. Dit impliseer dat u moet feite- en regsvrae kan identifiseer en ook die relevante regsbeginsels kan identifiseer en toepas om moontlike oplossings te vind vir die feite- en regsvrae.

**LLBR217 STRAFREG: BESONDERE MISDADE**

PK 3 uur 1:1

Na die voltooiing van hierdie module behoort u in staat wees om die relevante statutêre en gemeenregtelike regsreëls en –beginsels te kan selekteer en toe te pas waarvolgens die staatsowerheid daders vir hul wederregtelike en skuldige handelinge of lates, wat spesifieke misdade daar stel, mag straf.

**ENTR221 KREATIEWE ENTREPRENEURSKAP**

PK / T 90 min 1:1

Na suksesvolle voltooiing van die module behoort jy begrip van die kreatiewe proses te kan demonstreer, toepaslike kreatiewe probleemoplossingstegnieke te kan gebruik om idees te genereer en probleme op te los, die omgewing te kan evalueer en geleenthede vir kreatiewe toepassing te kan identifiseer op alle lewensterreine, vaardighede te kan toon in die versameling en toepassing van beskikbare inligting, die entrepreneuriese ingesteldheid te verstaan en te kan toon, ideegenererend in spanne te kan funksioneer, die gebruik van

entrepreneuriese taal te kan demonstreer, ’n geleentheidsbenuttingsingesteldheid te ontwikkel, prioritiseringsvaardighede te toon, werkspesifieke situasies te kan ontleed en toepaslike oplossings te kan beplan.

**LLBR221 DELIKTEREG**

PK 3 uur 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort u vertroud te wees met die algemene beginsels van toepassing op delikte, die regte en verpligtinge van die partye voortspruitend uit die delik en die toepaslike remedies.

**LLBR222 REGSPRAKTYK**

PK / T 2 uur 70:30

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om met 'n kliënt te konsulteer, kliënte lêers te administreer en om die leerstukke en reëls van die Strafreg, Strafprosesreg en Bewysreg prakties te kan toepas. U moet ook na voltooiing van die module 'n deeglike kennis hê van die etiese reëls en menseregtelike benadering ten opsigte van die strafpraktyk.

**LLBR223 STRAFPROSES– EN BEWYSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u 'n grondige kennis en begrip van die bewysregreëls te hê. U behoort in staat te wees om die reëls te kan toepas, te kan vasstel wat die wesenlike feite in 'n saak is en om die hof behulpsaam te wees om 'n korrekte feitebevinding te kan maak. U behoort toegerus te wees om die bewysregreëls as staatsaanklaer, prokureur of advokaat in die hof te kan toepas. U behoort verder in staat te wees om u plek as teoreties-begronde juris vol te staan op die gebied van die Strafprosesregteorie, wat handel met 'n strafsaak vanaf pleitstadium tot op die stadium van uitputting van appèl- en hersieningsmoontlikhede. U behoort feite- en regsvrae te kan identifiseer en die relevante regsbeginsels daarop te kan toepas om sodoende in die lig van beskikbare getuienis oplossings vir die probleme te vind.

**LLBR224 ARBEIDSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u die bepalings vervat in die *Wet op Arbeidsverhoudinge* 66 van 1995, die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* 75 van 1997 en die *Wet op Gelyke Indiensneming* 55 van 1998 te ken, en behoort u in staat te wees om die interaksie daarvan met die gemeenregtelike beginsels te verduidelik, die mees resente regspraak rondom die toepassing daarvan te verstaan en die beginsels in praktyksverwante probleemsituasies te kan toepas.

**LLBR225 REGSPLURALISME**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u insig te hê in die reëls van die Afrika gewoontereg en behoort u in staat te wees om die belangrikste reëls te kan identifiseer en u kennis op feitesituasies te kan toepas.

**LLBR311 LANDDROSHOFPROSESREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsreëls en –beginsels met betrekking tot die aanwendingsgebied (jurisdiksie) en aanwendingswyse (aansoek- en aksieprosedure) van die Siviele Prosesreg in die Landdroshowe, asook die tenuitvoerlegging van bevele in gemelde howe, te kan selekteer en toe te pas.

**LLBR312 REGSPRAKTYK**

PK/T 2 uur 70:30

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om met 'n kliënt te konsulteer, kliënte lêers te administreer en die leerstukke en reëls van die Siviele Reg en Siviele Prosesreg in die praktyk toe te pas. Die studente behoort ook na voltooiing van die module 'n deeglike kennis te hê van die etiese reëls en menseregtelike benadering met betrekking tot die siviele praktyk.

**LLBR313 KONTRAKTEREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u vertroud te wees met die algemene beginsels van toepassing op kontrakte, die regte en verpligtinge van die onderskeie partye tot die kontrak en die remedies tot hulle beskikking.

**LLBR314 REGSPLURALISME**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die basiese regsbeginsels van die materiële Islam, Hindoe en Joodse reg in die lig van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 te verstaan, dit uit te lê en in konkrete situasies toe te pas.

**LLBR315 HUWELIKSGOEDERE- EN EGSKEIDINGSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die verskillende huweliksgoederebedelings, egskeiding en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge daarvan uiteen te sit en om die regsbeskerming van kinders te bespreek.

**LLBR316 ONDERNEMINGSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u vertroud te wees met die verskillende wyses waarop die bedryf van 'n onderneming gestruktureer kan word.

**LLBR317 STAATSREG EN PLAASLIKE-OWERHEIDSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die terminologie en leerstukke van die Staatsreg en Plaaslike-owerheidsreg asook die verbandhoudende voorskrifte van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996 met vertroue te gebruik en toe te pas.

**LLBR321 ADMINISTRATIEFREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om met verwysing na relevante regspraak en ander bronne van gesag die terminologie en algemene leerstukke van die Administratiefreg, die relevante voorskrifte van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, en die voorskrifte van die *Promotion of Administrative Justice Act* 3 van 2000 te verduidelik, te ontleed en op feitelike situasies toe te pas.

**LLBR322 REGSKOMMUNIKASIE EN NAVORSINGSMETODOLOGIE**

PK/T 2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om: die meeste soorte regsdokumente te kan lees en verstaan; die inhoud van hierdie dokumente te kan opsom en verduidelik; tegnieke soos spanwerk, elektroniese data-ontsluiting en leesvaardighede te kan aanwend ten einde sinvolle regsdokumente te kan skryf; opinies, logika en argumentasie te beoordeel en self te gebruik, en die basiese metodologiese vereistes van regsnavorsing te begryp en op 'n elementêre vlak toe te pas.

**LLBR323 HOOGGEREGSHOFPROSESREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsreëls en –beginsels met betrekking tot die aanwendingsgebied (jurisdiksie) en aanwendingswyse (mosie- en aksieprosedure, verdedig of onverdedig) van die Siviele Prosesreg in die Hooggeregshowe, asook ten opsigte van koste, skikking, tenuitvoerlegging van vonnisse/bevele, Reël 43 tussentydse verrigtinge, appèlle en hersienings, te kan selekteer en toe te pas.

**LLBR324 BESONDERE KONTRAKTE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u vertroud te wees met die algemene beginsels van toepassing op, en die regte en verpligtinge van die partye voortspruitend uit die volgende kontrakte: borg-, huur-, koop-, krediet- en vervreemding van grond en vervreemding van grond op afbetaling.

**LLBR325 FUNDAMENTELE REGTE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die *Handves van Regte* te verstaan, dit uit te lê en op konkrete situasies toe te pas.

**LLBR326 INSOLVENSIEREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsreëls en -beginsels waarvolgens die boedel van 'n persoon gesekwestreer word; die proses van administrasie van die gesekwestreerde boedel; asook die regsreëls en –beginsels rakende die likwidasie van maatskappye en beslote korporasies te identifiseer en toe te pas.

**LLBR327 ALTERNATIEWE GESKILBESLEGTING**

PK/T 2 uur 1:1

Na die voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsreëls met betrekking tot alternatiewe geskilbeslegtingsmetodes en –prosedures te kan onderskei en toe te pas.

**LLBR411 OMGEWINGSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die relevansie van Omgewingsreg binne omgewingsbestuur te verstaan en behoort u in staat wees om die vernaamste wetgewende maatreëls en beginsels van Omgewingsreg te verstaan, dit uit te lê en in konkrete situasies te kan toepas.

**LLBR413 PADONGELUKKEVERGOEDING- EN VERSEKERINGSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om: die algemene beginsels van die Versekeringsreg soos vervat in die gemenereg en statutêre bepalings te verstaan, interpreteer en in probleemstellings te kan aanwend; die werking van die *Padongelukkefondswet* 56 van 1996 te verstaan, dit uit te lê en op konkrete situasies toe te pas.

**LLBR414 VOLKEREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om met verwysing na relevante regspraak en ander bronne van gesag die terminologie en algemene leerstukke van die Volkereg, die relevante voorskrifte van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, en die relevante voorskrifte van ander Suid-Afrikaanse wetgewing te verduidelik, te ontleed en op feitelike situasies toe te pas.

**LLBR415 SKADEVERGOEDINGSREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die algemene beginsels insake die bestaan, omvang en beperkings van skadevergoedingseise uiteen te sit en om die belangrike rol van die proses- en bewysreg in die formulering en toepassing van skadevergoedingsreëls aan te toon.

**LLBR416 VERHANDELBAREDOKUMENTEREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die gemeenregtelike beginsels en statutêre maatreëls (die interaksie daartussen, die geldende uitleg en toepassing daarvan aan die hand van die regspraak, standpunte van skrywers en die verband met ander vakdissiplines) ten opsigte van die wissel, tjek en promesse te verstaan, dit uit te lê en op konkrete situasies toe te pas.

**LLBR417 IMMATERIËLEGOEDEREREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u 'n deeglike agtergrond te hê van die regte wat verband hou met elk van die verskillende tipes immateriële goedere, wat as basis kan dien vir verdere spesialisering.

**LLBR418 GROND- EN AKTESREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om in die lig van die grondwetlike eiendomsklousule, grondbeheer, grondadministrasie en die grondbeleid in Suid-Afrika te ken en toe te pas.

**LLBR421 BOEDELBEREDDERING**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die regsreëls en –beginsels by die proses waardeur 'n solvente bestorwe boedel deur 'n eksekuteur onder toesig van die Meester van die Hooggeregshof gelikwideer en onder die begunstigdes verdeel word, te identifiseer en toe te pas; die regsreëls en -beginsels by die proses waardeur 'n insolvente boedel deur 'n kurator onder toesig van die Meester van die Hoë Hof gelikwideer en onder die skuldeisers verdeel word, te identifiseer en toe te pas.

**LLBR422 KONSTITUSIONELE LITIGASIE EN PRAKTYKBESTUUR**

PK/T 2 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u toegerus te wees om die teorie rakende konstitusionele prosedures in alle howe te kan hanteer; vertroud te wees met Praktyksbestuur met klem op die besigheidsplan, besigheidsvorme, bemarking, finansiële bestuur, administrasie, risikobestuur, persoonlike bestuur, die praktisyn en versekering.

**LLBR423 BELASTINGREG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die basiese beginsels en regsreëls van die Belastingreg te identifiseer, dit op feitestelle toe te pas en eenvoudige belastingberekenings te maak. U behoort ook in staat te wees om in u regsloopbaan die belastingimplikasies van regshandelinge te herken en om belastingprobleme op te los.

**LLBR424 ONTWIKKELINGSREG EN SOSIALE REG**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om die grondwetlike en statutêre maatreëls asook beleid rakende ontwikkeling en sosiale reg te verstaan, dit uit te lê en in konkrete situasies te kan toepas.

**LLBR425 REGSFILOSOFIE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u in staat te wees om tussen verskillende teoretiese benaderings tot die reg en regstudie te onderskei; die standpunte van verskillende regskole oor bepaalde onderwerpe en probleme te verstaan, sodanige standpunte krities met mekaar te kan vergelyk en u eie standpunt oor die aangeleenthede te kan formuleer; die standpunte van 'n Christelike regsleer oor bogenoemde probleme te kan verduidelik en beoordeel.

**LLBR426 VERRYKING EN ESTOPPEL**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van hierdie module behoort u vertroud wees met die aard en toepassing van verskillende verrykingsaksies; in staat te wees om die reëls vir die gebruik van estoppel te ken, verstaan en te kan toepas.

**LLBR451 NAVORSINGSVERSLAG**

(i) Die suksesvolle afhandeling van 'n Navorsingsverslag is 'n vereiste vir die voltooiing van die graad.

(ii) Ten aansien van die registrasie van Navorsingsverslagonderwerpe, die voorbereiding, indiening en eksaminering van 'n Navorsingsverslag, is die vorm- en stylvereistes vervat in die *Leerdershandleiding by die Skryf van vir die Graad LL B in die Fakulteit Regte, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*, soos van tyd tot tyd deur die Fakulteitsraad gewysig en aangepas, van toepassing.

## MODULES AANGEBEID DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR TALE)

## AFRIKAANS EN NEDERLANDS

**SKTA111 KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE: AFRIKAANS**

PK/TEL 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om gepaste kommunikasiestrategieë in bepaalde situasies te gebruik, in skriftelike en mondelinge Afrikaanse tekste; om op hoogte te wees van besondere kommunikasiestrategieë in die regsberoep.

**AFNL112 GEBRUIKSAFRIKAANS**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om keurige skryfstukke in Afrikaans te produseer; om taalhulpmiddels met effektiwiteit te gebruik; om die kwaliteit van skryfstukke te beoordeel.

**AFNL111 AFRIKAANS: TAAL SONDER GRENSE**

PK 1x2 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om Afrikaans, skriftelik en mondeling, gepas, kreatief en effektief in verskillende situasies te kan gebruik; verskillende tekstipes in Afrikaans te onderskei, te ontleed en te produseer; sowel funksionele as estetiese Afrikaanse tekste te ontleed, te interpreteer en te evalueer; kernbegrippe uit die narratologie te kan verduidelik en te kan toepas.

**AFNL121 AFRIKAANSE TAAL- EN LITERATUURSTUDIE: DIE WETENSKAPLIKE PROSES**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om Afrikaanse en Nederlandse verhalende en poëtiese tekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie; die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse verhale en gedigte te identifiseer, te beskryf en te analiseer; die basisbegrippe van die semantiek te definieer en te kan begryp; verteenwoordigende Afrikaanse voorbeelde semanties te analiseer; woordeboeke as bron van semantiese analise te gebruik.

**AFNL211 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: RAAMWERKE VIR TAAL- EN LITERATUURSTUDIE**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste; die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960; die basisbegrippe van die morfologie te definieer en te kan begryp; verteenwoordigende Afrikaanse morfologiese konstruksies te analiseer; morfologiese insigte toe te pas op geselekteerde taalgebruikskundige probleme.

**AFNL221 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: TAAL- EN LITERÊRE HANDELINGE**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om Afrikaanse en Nederlandse dramatekste literêr en toneelmatig te analiseer en te interpreteer; gefundeerde menings te verskaf oor die toneelmatigheid van dramaproduksies; verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse en Nederlandse literêre tekste; die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde tot 1960; die diachroniese ontwikkelingslyn van Afrikaans te beskryf; die huidige taalsituasie t.o.v. Afrikaans in terme van die historiese ontwikkeling te verklaar; taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer.

**AFNL311 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID VAN STEMME (1)**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om selfstandige navorsing te doen en 'n navorsingsverslag te kan skryf; die aard en omvang van taalverskeidenheid in Afrikaans te kan beskryf en daaroor verslag te kan doen; die basisbegrippe van die fonologie te definieer en te begryp verteenwoordigende Afrikaanse fonologiese verskynsels te analiseer; taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer; Afrikaanse en Nederlandse gedigte van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te vergelyk; poëtiese tekste en konvensies te evalueer aan die hand van verskillende kontemporêre literêre teorieë; die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

**AFNL321 AFRIKAANS EN NEDERLANDS: DIE VEELHEID VAN STEMME (2)**

PK 1x3 1:1

Ná voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die kwaliteit van reeds bestaande tekste in Afrikaans te verbeter; selfstandige navorsing te doen en ‘n navorsingsverslag te kan skryf; die belang van kennis van die Afrikaanse taalgebruikskunde te begryp en dit te kan toepas in die praktyk; die basisbegrippe van die sintaksis te definieer en te begryp; verteenwoordigende Afrikaanse sintaktiese verskynsels te analiseer; die invloed van die pragmatiek op die begrip van taal te verklaar en te begryp; taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer; Afrikaanse en Nederlandse prosatekste van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukturalistiese literêrere teorieë; Afrikaanse en Nederlandse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl; selfstandige evaluering van romans te kan doen; literêre teorieë te kan toepas en te evalueer; die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te implementeer in beroepsituasies.

## AFRIKAANS

### AFNT111: INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN AFRIKAANS: NIE-MOEDERTAAL

TEL 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om gepaste kommunikasiestrategieë in bepaalde situasies te gebruik, in skriftelike en mondelinge Afrikaanse tekste; om Afrikaans vaardig en korrek te kan skryf; om elementêre grammatikale kennis van Afrikaans op skriftelike vlak te kan demonstreer; en om verskillende tekstipes in Afrikaans te skep.

### AFNT112: INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN AFRIKAANS: MOEDERTAAL

TEL 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om kennis van die skryfprosesteorieë en tekstipes te kan demonstreer in die skryf van eie tekste; om kennis van woordeboeke en die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) optimaal tydens die skryfproses te gebruik deur taalkundige inligting daarin te kan ontgin en toe te pas; om gevorderde grammatikale kennisvaardighede van Afrikaans effektief in die skryfproses te kan gebruik; om taalfoute in verskillende skryfstukke aan te dui en te korrigeer; om die vereistes gestel aan die *ontwerp* van verskillende tipes tekste in Afrikaans effektief te gebruik.

### AFNT121: AFRIKAANSE TAAL- EN LITERATUURSTUDIE: DIE WETENSKAP-LIKE PROSES

TEL 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om Afrikaanse verhalende en poëtiese tekste te analiseer met behulp van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie; om die estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse verhale en gedigte te identifiseer, te beskryf en te analiseer; en om die domeine van die Afrikaanse grammatika te identifiseer, te beskryf en te analiseer.

### AFNT211: AFRIKAANS: RAAMWERKE VIR TAAL- EN LITERATUURSTUDIE

TEL 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om die fonologiese pool van die Afrikaanse grammatika te ontleed; om die formele en kognitiewe paradigmas van taalstudie

te vergelyk; om verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse literêre tekste; en om die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse letterkunde tot 1960.

**AFNT221: AFRIKAANS: TAAL- EN LITERÊRE HANDELINGE**

TEL 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om Afrikaanse dramatekste literêr en toneelmatig te analiseer en te interpreteer; om gefundeerde menings te verskaf oor die toneelmatigheid van dramaproduksies; om verskillende teoretiese raamwerke te gebruik in die analise en interpretasie van Afrikaanse literêre tekste; om die estetiese, kulturele en die sosiale waardes en tendense te identifiseer en te interpreteer in 'n diachroniese studie van die Afrikaanse letterkunde tot 1960; om die diachroniese ontwikkelingslyn van Afrikaans te beskryf;om die huidige taalsituasie in terme van die historiese ontwikkeling te verklaar; en om taalpolitieke standpunte te vergelyk en te evalueer.

**AFNT311: AFRIKAANS: DIE VEELHEID VAN STEMME (1)**

TEL 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om selfstandige navorsing te doen en ’n navorsingsverslag te kan skryf; om die omvang van taalverskeidenheid in Afrikaans te beskryf en te verklaar; om die aard van taalverskeidenheid in Afrikaans te analiseer op grond van selfstandige navorsing; om die omvang en aard van die verskeidenheid tekstipes in Afrikaans te beskryf en te kan analiseer; om die kwaliteit van reeds bestaande tekste in Afrikaans te verbeter; om Afrikaanse gedigte van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te vergelyk; om poëtiese tekste en konvensies te evalueer aan die hand van verskillende kontemporêre literêre teorieë; en om die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te kan implementeer in beroepsituasies.

**AFNT322: AFRIKAANS: DIE VEELHEID VAN STEMME (2)**

TEL 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om selfstandige navorsing te doen en ’n navorsingsverslag te kan skryf; om die semantiese pool van die Afrikaanse grammatika te ontleed; om taalkundige paradigmas te vergelyk en te evalueer; om Afrikaanse prosatekste van ná 1960 te analiseer, te interpreteer en te evalueer aan die hand van verskillende poststrukturalistiese literêre teorieë; om Afrikaanse romans te kan vergelyk na aanleiding van tema en styl; om selfstandige evaluering van romans te kan doen; om literêre teorieë te kan toepas en te evalueer; en om die vakkundige kennis oor die Afrikaanse taal- en letterkunde te kan oordra en te kan implementeer in beroepsituasies.

## DUITS

**GRMN111 DUITS ELEMENTÊR 1**

PK 1x1,5 2:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n ete te bestel, 'n kaartjie te koop, 'n hotelkamer te bespreek; elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. sprokies, stories en kort koerantberigte; elementêre tekste te skryf, bv. 'n CV, 'n poskaart, 'n uitnodiging; die Suid-Afrikaanse en die

Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos behuising, opvoeding, vervoer, sosiale en kulturele lewe.

**GRMN121 DUITS ELEMENTÊR 2**

PK 1x3 2:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese kommunikatiewe frases te gebruik, bv. om 'n artikel te bestel of te koop, 'n afspraak te maak, reisreëlings te tref; elementêre tekste te lees en te vertaal, bv. kort prosa, koerant- en tydskrifartikels; elementêre tekste te skryf, bv. situasiebeskrywings, informele briewe en e-pos aan vriende; die Suid-Afrikaanse en die Duitse samelewing te vergelyk m.b.t. temas soos opvoeding, werkgeleenthede, geskiedenis, politieke stelsel.

## ENGLISH

**SKTE111 COMMUNICATION SKILLS: ENGLISH**

PK/TEL 1x1,5 1:1

On completion of this module the learner should be able to Demonstrate basic (fundamental) and specialist knowledge of English use and usage in the Law field; Communicate effectively in writing with professional audiences using appropriate structure, style and legal terminology; and Demonstrate the ability to read various kinds of texts with comprehension.

**ENGL111: ENGLISH IN CONTEXT**

PC 1x2 1:1

On completion of this module learners should be able to analyse (apply close reading) and articulate a formal academic response to literary texts; write a coherent academic essay in fluent and accurate language; demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing.

**ENGL121: INTRODUCTION TO ENGLISH LITERARY STUDIES**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to Recognise generic conventions in narrative and dramatic texts; identify differing literary perspectives and contexts, and be able to develop coherent literary arguments; demonstrate an ability to use correct English language, style and register both orally and in writing; analyse the meaning of words in terms of semantic attributes and the distinction between different senses of the same word; determine the meaning of a word in context with the help of a dictionary.

**ENGL211: ENGLISH IN THE SOUTH AFRICAN CONTEXT**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to recognise the literary conventions that inform the prescribed texts; write a coherent essay on a literary topic; analyse, interpret and contextualise South African and Postcolonial texts; analyse the structure of words in terms of morphological categories; identify the characteristic morphological affixes of the major parts of speech.

**ENGL221: INDIVIDUAL AND SOCIETY: LITERARY AND LINGUISTIC PERSPECTIVES**

PC 1x3 1:1

On completion of this module learners should be able to recognise and appreciate the contexts, style, preoccupations and developments within Romantic and Victorian literature; be able to analyse and interpret Romantic and Victorian texts and read relevant critical texts knowledgeably and critically; write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly; identify and describe the elements of the clause in English.

**ENGL311: ADVANCED LANGUAGE AND LITERARY STUDIES**
PC 1x3 1:1
On completion of this module learners should be able to understand the ideas, genres and contexts operating on and within Shakespearean tragedy; analyse absurdist dramas and indicate the ways in which they respond to the world from within their particular literature and philosophical framework; interpret, analyse and contextualise metaphysical religious and love poetry; write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly; be familiar with the origins of the English language and development up to the $18^{th}$ century; identify the sources of dialect variation in contemporary English (native and non-native varieties), and analyse the linguistic manifestations of language variation in a representative selection of regional varieties of contemporary English.

**ENGL321 TWENTIETH-CENTURY LANGUAGE AND LITERARY STUDIES**
PC 1x3 1:1
On completion of this module learners should be able to analyse, interpret and contextualise Modernist texts; analyse, interpret and contextualise Postmodernist texts and differentiate Postmodernism from Realism and Postcolonialism; write a coherent essay on a literary topic and integrate critical sources responsibly; display an ability to apply linguistic knowledge to literary texts; analyse the linguistic features of different styles and registers of contemporary English.

## FRANS

**FRAN111 FRANS ELEMENTÊR**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese gespreksituasies te verstaan en daaraan deel te neem; om basiese skryfvaardighede toe te pas; om 'n kritiese begrip te hê van die Franse kultuur en die Franse alledaagse gemeenskap (soos dit blyk uit taal, tradisies en gebruike) in die nasionale en Europese konteks.

**FRAN121 FRANS ELEMENTÊR**

PK 1x3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in staat te wees om basiese gespreksituasies te verstaan en daaraan deel te neem; om basiese skryfvaardighede toe te pas; om 'n kritiese begrip te hê van die Franse kultuur en die Franse alledaagse gemeenskap (soos dit blyk uit taal, tradisies en gebruike) in die nasionale en Europese konteks.

## LATYN EN ANTIEKE KULTUUR

**ANTIEKE KULTUUR**

**AKLR111 OU NABYE OOSTE EN GRIEKELAND**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om die ontwikkeling van ’n kultuur te evalueer en beskryf vanaf die voor-historiese tydperk; antieke kulture van die Ou Nabye Ooste en Midde-Ooste te kan bespreek; die kultuur en politieke ontwikkeling van antieke Griekeland te kan bespreek; die geskiedenis en daaglikse lewe van klassieke Griekeland te kan beskryf.

**AKLR121 ANTIEKE ROME EN ANDER KULTURE**

PK 1x1,5 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om Romeinse sosiale geskiedenis te kan bespreek; die ontwikkeling van die Romeinse regstelsel te kan bespreek; konstitusionele ontwikkeling te kan beskryf; ander kulture te kan bespreek soos die Bisantynse, Islamitiese en Afrikakulture.

## LATYN

**LATN111 LATYN VIR ALMAL**

PK 1X1,5 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om eenvoudige Latynse passasies te kan vertaal; toepaslike woordeskat te ken; enkele buigingsvorme en grammatikale konstruksies in Latyn te kan herken; Latynse frases te kan weergee; Die Latynse oorsprong van Afrikaanse en Engelse woorde te herken; geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat republikeinse tydperk te kan bespreek

**LATN121 REGS- EN KERKLATYN**

PK 1x3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om toepaslike Latynse tekste te kan vertaal; verdere grammatikale buigingsvorme en grammatikale konstruksies van Latyn te kan herken; toepaslike woordeskat te ken; grondige kennis te hê van regs- en kerkterminologie in Latyn; geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat republikeinse tydperk te kan bespreek.

**LATN211 LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS I**

PK 1x3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om gekose tekste uit die klassieke,en kerk-Latyn te kan vertaal; toepaslike woordeskat te ken; grammatikale en kontekstuele vrae oor die betrokke tekste te kan beantwoord; geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die Republikeinse tydperk te bespreek

**LATN221 LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS II**

PK 1x3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om gekose tekste uit die klassieke en regs-Latyn te kan vertaal en analiseer; toepaslike woordeskat te ken;

grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die vroeë keisertyd te bespreek

**LATN311 LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS III**

PK 1x3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om gekose Latynse tekste te kan vertaal en analiseer; grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat keisertyd te bespreek

**LATN321 LATYNSE OUTEURS EN ROMEINSE GESKIEDENIS IV**

PK 2x3 1:1

By voltooiing van hierdie module behoort die studente in staat te wees om gekose Latynse tekste te kan vertaal en analiseer; toepaslike woordeskat te ken; grammatikale en kontekstuele vrae oor die tekste te kan beantwoord; geskiedkundige en oudheidkundige temas uit die laat keisertyd te bespreek.

## TSWANA

## TSWANA EERSTETAAL

**ATSW113 TSWANA: LANGUAGE AND PHONETICS**

TEL 1×3 1:1

On completion of this module the learner should be able to discuss and apply the basic concepts in Tswana language; discuss the articulatory phonetics of Tswana, and indicate the characteristics of Tswana sounds describe Tswana orthography and the phonetic component thereof.

**ATSW123 TSWANA: LANGUAGE AND LITERATURE**

TEL 1×3 1:1

On completion of this study module the learner should be able to discuss the Tswana parts of speech and their sub-categories; give a review of Tswana idioms, proverbs and riddles.

**ATSW213 TSWANA: TAALKUNDE EN POËSIE**

PK 2×2 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om die groei en die ontwikkeling van die Tswana-grammatika te bespreek; meer kreatiewe taalvaardighede te gebruik; die benaderingswyses ten opsigte van die letterkunde in die groter kommunikatiewe raamwerk te plaas en te bespreek en op grond van 'n teoretiese raamwerk 'n analise van geselekteerde Tswana-gedigte te maak.

**ATSW223 TSWANA: SINTAKSIS EN LETTERKUNDE**

PK 2×2 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om die struktuur van die enkelvoudige en saamgestelde sin in Tswana uiteen te sit en te bespreek en 'n wetenskaplik gefundeerde bespreking van geselekteerde essays en kortverhale in Tswana te hanteer.

## TSWANA DERDETAAL

**ATSW114 BASIESE STUKTURE VAN TSWANA**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om die noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik en die basiese taalvaardighede naamlik luister, praat en lees op elementêre vlak te gebruik.

**ATSW124 GRAMMATIKALE STRUKTURE VAN TSWANA**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om 'n groter hoeveelheid noodsaaklike funksionele taalstrukture te beskryf en te gebruik en die basiese taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees en skryf op elementêre vlak te gebruik.

## ZOELOE

## ZOELOE DERDETAAL

**AZOE114 INLEIDING TOT DIE ZOELOE-TAALKUNDE**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om hom-/ haarself met selfvertroue en vaardigheid in basiese Zoeloe-gesprekke te handhaaf; deur middel van die verworwe grammatikale kennis self sinne te formuleer buite die behandelde gespreksituasies; verjaarsdagkaartjies, Kerskaartjies en ander basiese tekste in Zoeloe te skryf; sekere kulturele aspekte van die Zoeloe te bespreek en met begrip en kultuursensitiwiteit in gesprekke met Zoeloe-sprekers om te gaan en die herkoms en geskiedenis van die Zoeloe te omskryf.

**AZOE124 INLEIDING TOT DIE ZOELOE-TAALKUNDE**

PK 1×3 1:1

By voltooiing van die module behoort die studente in te staat wees om hom-/haarself met selfvertroue en vaardigheid in 'n verskeidenheid gespreksituasies in Zoeloe te handhaaf; deur middel van die verworwe grammatikale kennis buite die behandelde gespreksituasies te kommunikeer; telegramme en ander basiese tekste in Zoeloe te skryf; 'n verskeidenheid aspekte van die Zoeloe-kultuur te bespreek en met begrip en kultuursensitiwiteit in gesprekke met Zoeloe-sprekers om te gaan en uitgesoekte tekste uit Zoeloe te vertaal.

## MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR SOSIALE EN OWERHEIDSTUDIES)

## POLITIEKE STUDIES

**POLI111 POLITIEK, STAAT EN REGERING**

PK 1x1,5 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die oorsprong, ontwikkeling en doel van die staat te beskryf;
- politiek, mag, gesag en legitimiteit as begrippe te definieer en te verduidelik; EN
- 'n ontledende oorsig te kan gee van die benaderings tot en moderne ideologieë in die politiek.

**POLI121 DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEKE STELSEL**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die struktuur en komponente van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en hul onderlinge verhouding te beskryf;
- te verduidelik wat ko-operatiewe regering is;
- die invloed van konstitusionalisering en die Handves van Menseregte in die Suid-Afri politiek te bespreek;
- die grondslae, herkoms en aard van die konstitusionele staat te verduidelik;
- die politieke en grondwetlike implikasies van konstitusionalisme (Suid-Afrika) te beskryf.

**POLI211 VERGELYKENDE POLITIEK**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die basiese metodes om vergelykings te tref, te beskryf, te verduidelik en toe te pas;
- die struktuur en die politieke dinamika van politieke stelsels te beskryf, te ontleed en te verduidelik; en
- verskeie verteenwoordigende geselekteerde politieke stelsels in die wêreld met mekaar te vergelyk en te evalueer.

**POLI221 INTERNASIONALE POLITIEK**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die verskil tussen nasionale en internasionale politiek te beskryf;
- die motivering agter die optrede van state, die akteurs en die wêreldpolitiek en die funksionering van die internasionale stelsel te bespreek en te verduidelik;
- internasionale organisasies se aard en optrede te verduidelik en toe te lig;

- internasionale hulpverlening en globalisering, sowel as internasionale konflik te beskryf en te verduidelik.

**POLI311 POLITIEKE DEELNAME EN INTERAKSIE**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die invloed van kommunikasie en die media op die politiek te verduidelik;
- die aard en rol van belangegroepe in die binnelandse politiek van state te bespreek;
- te verduidelik wat politieke partye en partystelsels se hooffunksie is, hoe sodanige funksies uitgevoer word en hoe partye verskillend in demokratiese en totalitêre state optree;
- verskillende kiesstelsels te beskryf en te verduidelik waarom kiesers in verkiesings stem.

**POLI321 POLITIEKE IDEES EN IDEOLOGIEË**

PK 1x3 1:1

‘n student sal in staat wees om:

- die konsep "ideologie" te definieer en te verduidelik;
- die ontstaan, ontwikkeling en inhoud van politieke ideologieë en idees (soos die demokrasie, sosialisme, feminisme en fascisme), te beskryf, te verduidelik en te evalueer; en te verduidelik hoe en in watter opsigte ideologieë en politieke idees die dinamika van politieke stelsels beïnvloed.

## MODULE AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (SKOOL VIR FILOSOFIE)

**WTLL221: INLEIDENDE WETENSKAPSLEER**

Pk 1x2 3:2

Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module moet die leerder kan demonstreer dat hy/sy

- die aard van wetenskap en die grense en plek daarvan in die menslike lewe verstaan en dit kan onderskei van nie-wetenskaplike en ideologiese denke;
- die paradigmatiese aard van die wetenskap verstaan en kan verduidelik aan die hand van voorbeelde;
- die kontoere van 'n Christelike denkraamwerk (wêreldbeskouing) verstaan en met verwysing na nie-Christelike denkraamwerke kan verduidelik en evalueer; en
- aktuele persoonlike en sosiaal-maatskaplike verskynsels en probleme kan beoordeel vanuit 'n eie en 'n Christelike denkraamwerk

## MODULES AANGEBEID DEUR DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

## PSIGOLOGIE

**PSIG131: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: FISIESE EN KOGNITIEWE PROSESSE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings, ten opsigte van menslike fisiese en kognitiewe prosesse in ’n kultureel-diverse omgewing, te kan identifiseer en beskryf.

**PSIG151: INLEIDING TOT PSIGOLOGIE: EMOSIONELE EN WILSPROSESSE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om basiese, kontekstueel-relevante psigologiese benaderings ten opsigte van menslike emosionele en motiveringsprosesse in ’n kultureel-diverse omgewing, te kan identifiseer en beskryf.

**PSIG161: INTERPERSOONLIKE, SOSIALE EN GEMEENSKAPPSIGOLOGIE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die teoretiese onderbou en toepassingswaarde in die veld van gedragswetenskappe, met betrekking tot interpersoonlike-, sosiale en gemeenskapspsigologie te identifiseer en beskryf.

**PSIG211: MENSLIKE ONTWIKKELING IN SOSIO-KULTURELE KONTEKS**

Pk 1 X 3 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om psigologies relevante prosesse en ander belangrike invloede wat 'n konsekwente rol speel in die ontwikkeling van die individu te verduidelik; die basiese kenmerke van gedrag in elke ontwikkelingsfase, asook die invloed van diverse kontekste op gedrag, te beskryf; en te bespreek hoe fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosiale aspekte van ontwikkeling ingebed is in 'n bepaalde konteks van verhoudings, gesin, gemeenskap, kultuur en omstandighede.

**PSIG241: PERSPEKTIEWE OP MENSWEES**

Pk 1 X 2 uur 1 1

Die studente sal in staat wees om die verskeie perspektiewe op menswees binne ’n kultureel-diverse konteks basies te beskryf, vertolk en te kritiseer, ten einde ’n persoonlike mensbeskouing te formuleer, waarteen menslike- en/of organisasie-ontwikkeling gefasiliteer kan word.

**PSIG251: PSIGOLOGIESE GESONDHEID: MENSLIKE STERKTES EN VEERKRAGTIGHEID**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die oorsprong, manifestasies en patrone van psigologiese sterktes en veerkragtigheid uit verskillende teoretiese raamwerke te kan konseptualiseer; die manifestasies daarvan by mense in verskillende lewensfases (kindertyd, adolessensie, volwassenheid, bejaardheid) in verskillende kontekste (interpersoonlik, kultureel, werk) en op verskillende vlakke (individu, groep) te kan beskryf en in praktyk te kan identifiseer om die biopsigososiale welsyn van individue, groepe en op gemeenskapsvlak te kan fasiliteer.

**PSIG252: INLEIDING TOT HULPVERLENING EN ETIEK**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om ’n algemene model en proses van hulpverlening en fasiliterende gespreksvoering te konseptualiseer en te gebruik om ander mense te help om alledaagse lewensprobleme op te los, sowel as om etiese kwessies wat in die hulpverleningsituasie voorkom te kan bespreek.

**PSIG261: LEWENSVAARDIGHEDE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om lewensvaardighede in individue, groepe, organisasies en gemeenskappe te fasiliteer, ten einde algemene welsyn in sodanige kultureel-diverse konteks te bevorder deur aanbieding van lewensvaardigheidsprogramme.

**PSIG311: INLEIDING TOT PSIGOPATOLOGIE EN –FORTOLOGIE**

Pk 1 X 3 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om met betrekking tot die kinderjare, adolessensie en volwassenheid, risikofaktore te identifiseer wat die vatbaarheid vir psigopatologie verhoog; die verskillende vorme van psigopatologie te identifiseer en te omskryf; en laastens die konsep van psigologiese welstand basies te omskryf, asook maniere waarop welstand vir hierdie groepe bevorder kan word, voor te stel.

**PSIG341: GEMEENSKAPSPSIGOLOGIE EN –PROGRAMME**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om deur middel van aksienavorsing, die impak van sosiale-, omgewings- en gemeenskapskrisisse op die gesondheid van mense te bepaal, en op grond daarvan 'n behoeftebepaling te doen, 'n program saam te stel en aan te bied in die gemeenskap.

**PSIG323: GESONDHEIDS- EN MIV-VOORLIGTING**

Pk 1 X 3 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die biopsigososiale perspektief op fisieke gesondheid en siekte, asook teorieë van gesondheidsvoorligting, te beskryf; gesondheids- en siektegedrag te evalueer; basiese psigologiese intervensies binne die mediese konteks te doen; asook programme wat siekterisiko's uitskakel en gesondheid bevorder, toepaslik vir die Suid-Afrikaanse konteks aan te bied.

**PSIG353: KRISISINTERVENSIE**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die algemene aard en dinamiek van verskillende tipes krisissituasies (soos dreigende selfmoord, aanranding, traumatiese verliese, ens.), sowel as die tipiese reaksies van persone daarop te kan beskryf, en teen die agtergrond van teoretiese modelle en spesifieke evalueringsisteme, kultuursensitiewe, eties-verantwoorde intervensies en kritiese-insident-stresontlontings te kan toepas, met bewustheid van die langtermyneffek van hierdie werk op die hulpverlener, en wyses om die impak daarvan te hanteer.

**PSIG363 MENSLIKE DIVERSITEIT**

Pk 1 X 2 uur 1:1

Die studente sal in staat wees om vanuit 'n eko-sistemiese model, die nodige kennis, vaardighede en houdings te demonstreer om in 'n kultureel-diverse samelewingsomgewing as hulpverlener / voorligter die biopsigososiale welsyn van individue en groepe te bevorder.

## MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE (BEDRYFSIELKUNDE EN BEDRYFSOSIOLOGIE)

**MHBP111 INLEIDING TOT MENSEHULPBRON-BESTUUR**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die komponente van mensehulpbronbestuur (insluitend mensehulpbronbeplanning, posontleding, werwing, keuring, opleiding, prestasie-bestuur en vergoeding) te ken en te verstaan; Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van stres, motivering, leierskap, groepsgedrag en kommunikasie te ken en te verstaan; Die belangrikheid van loopbaan-selfbestuur te ken en te verstaan; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan.

## ONDERNEMINGSBESTUUR

**ONBP111 INLEIDING TOT ONDERNEMINGSBESTUUR**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die grondbegrippe van Ondernemingsbestuur te verstaan en dit toe te pas; Die ekonomiese struktuur waarbinne die onderneming funksioneer te verstaan; Ondernemingsbestuur as wetenskap te verklaar; Die historiese ontwikkeling in Ondernemingsbestuur te verstaan; Die verskillende ondernemingsfunksies te identifiseer en te verklaar; Die bestuursomgewing op internasionale, makro-, mark- en mikrovlak te bespreek; Die strategiese beplannings- en strategie-implementeringsproses te bespreek; Beplanning as een van die basiese bestuurstake te doen, die elemente wat die beplanningsproses beïnvloed te identifiseer en die beginsels van besluitneming toe te pas; Koördinasie en produktiwiteit te verduidelik; Die beginsels van organiseer en delegeer toe te pas; Die aktivering van werknemers deur middel van kommunikasie, leierskap en motivering te ken; Te verduidelik hoe ondernemingsaktiwiteite beheer word.

**ONBP121 ENTREPRENEURSKAP**

3 uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Kennis en toepassing rakende entrepreneurskap, intrapreneurskap en die belangrikheid van klein-, medium- en mikro-ondernemings te demonstreer; Die probleme van Klein- en medium ondernemings, vestigingsfaktore, ondernemingsvorme en wetlike aspekte te verduidelik; Die entrepreneuriese proses, idee-generering en omgewingsverkenning te ken; Te verduidelik wat 'n lewensvatbaarheidstudie

behels; Te verduidelik wat ’n verkorte sakeplan met funksionele planne behels; Risko en versekering, belasting en oktrooi-agentskappe te ken.

## BEDRYFSIELKUNDE

**BSKP151 BEROEPSGESONDHEID**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die aard en belangrikheid van ’n veilige, gesonde werkomgewing en ’n werkomgewing wat die kwaliteit van werkslewe van werknemers verhoog te ken en te verstaan; Insig te toon in die probleme wat werknemers ten opsigte van veiligheid, gesondheid en kwaliteit van werkslewe ervaar; Maniere te ken en te verstaan waarop organisasies te werk kan gaan om ’n veilige en gesonde werkomgewing te verseker en kwaliteit van werkslewe te verseker; Die belangrikste bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en die rol wat NOSA (National Occupational Safety Association of South Africa) speel betreffende die handhawing van ’n veilige en gesonde werkomgewing te ken en te verstaan.

**BSKP161 DIVERSITEIT IN WERKSKONTEKS**

1½uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Verskille in individue se gedrag en kriteria wat gebruik kan word om individuele verskille te klassifiseer te ken en te verstaan; Die uitwerking van diversiteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag in die werksplek te ken en te verstaan; Die uitwerking van stereotipes, vooroordeel en assimilasie op ’n diverse werksplek te ken en te verstaan; Die waarde van ’n diverse werksmag te kan motiveer; Verskillende programme wat gebruik kan word om diversiteit te bestuur (bv. regstellende aksie, gelyke geleenthede) te evalueer; Die rol van mensehulpbronpraktisyns in die ontwikkeling en implementering van beleid wat werknemers teen onregverdige diskriminasie beskerm te; Kennis van die primêre beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet en ander toepaslike wetgewing ten opsigte van die bestuur van diversiteit te demonstreer.

**BSKP211 PERSONEELSIELKUNDE**

3 uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die aard, waarde en funksies van mensehulpbron-bestuur en die uitdagings wat daaraan gestel word te ken en te verstaan; Kennis van en insig in posontleding, mensehulpbronbeplanning, werwing, keuring, vergoeding, induksie, opleiding en ontwikkeling, prestasiebestuur te demonstreer, en vaardighede te gebruik om programme hierin in organisasies te implementeer; Kennis en vaardighede toe te pas om programme in mensehulpbronbestuur saam te stel en te evalueer.

**BSKP251 BEROEPSIELKUNDE**

1½uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die teoretiese onderbou en aard van die beroepsiel-kunde te ken en te verstaan; Die aard loopbaandinamiek, waarin daar konstante interaksie bestaan tussen die individu wat ’n beroep beoefen en sy of haar werk/werkgewer/organisasie en die rol wat loopbaan(self)bestuur in hierdie verband speel te ken en te verstaan; Die

maniere waarop ’n individu sy of haar loopbaan en ander se loopbane effektief kan bestuur te ken en te verstaan en hierdie kennis toe te pas om eie loopbaanselfbestuur te bevorder.

**BSKP261 PSIGOPATOLOGIE IN WERKSKONTEKS**

1½uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Gedragsafwykings te ken, te identifiseer en te klassifiseer; Die etiologie van gedragsafwykings te verstaan; Die optrede van individue wat afwykende gedrag toon (in terme van die psigodinamiek), hul prognose en hoe hierdie gedrag funksionering in die werksplek kan beïnvloed te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te kan ontwikkel om mense wat psigologiese afwykings het te hanteer deur besprekings en konsultasies; Te verstaan wanneer individue vir professionele hulp (bv. psigoterapie) verwys moet word; Eie gedrag wat angs veroorsaak te ken en te verstaan.

**BSKP311 ORGANISASIESIELKUNDE**

3 uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: Die navorsing, teorieë en benaderings ten opsigte van organisasiegedrag, stres, motivering, werkstevredenheid, leierskap, groepsgedrag, organisasiepolitiek, konflik, besluitneming, kommunikasie en organisasie-ontwerp te ken en te verstaan; Sensitiwiteit te ontwikkel vir individuele, groep- en organisasieprobleme op nasionale en internasionale vlak; Vaardighede te demonstreer om individuele, groep- en organisasieprobleme of geleenthede te diagnoseer en ingrype te doen of te verwys na ander professionele persone; Individue en groepe te fasiliteer en/of relevante partye te adviseer ten opsigte van oplossings; Die bevoegdhede van ’n organisasie-ontwikkelingskonsultant te ken en te verstaan; Veranderinge te identifiseer wat individue, groepe en organisasies beïnvloed; Die bestuur van verandering te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ’n organisasiediagnose te doen; Ken en verstaan Elementêre organisasie-ontwikkelingsintervensies te ken en te verstaan.

**BSKP351 PSIGOMETRIKA**

1½ uur 1:1

Die studente sal in staat wees om die: Sielkundige meting, die etiek en vereistes daarvan te ken en te verstaan; Demonstreer Kennis van die toepassing van psigometriese tegnieke te demonstreer; Verskillende psigometriese tegnieke te evalueer en tegnieke te kies wat billik in ’n gegewe situasie gebruik kan word; Die aard en meting van intelligensie, aanleg, belangstelling en persoonlikheid te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om aanleg, belangstellings en persoonlikheid te bepaal; Protokolle te interpreteer en verslae te skryf oor die resultate van die meetinstrumente.

**BSKP361 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

1½ uur 1:1

Die studente behoort in staat te wees om: ’n Navorsingsmodel en die fokusareas van navorsing by die Noordwes-Universiteit te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ’n elementêre navorsingsvoorstel te skryf; Die vereistes van ’n literatuurstudie (insluitend publikasieriglyne) en gebruik vaardighede om ’n literatuurstudie vir ’n elementêre navorsingsprojek te skryf te ken en te verstaan; Navorsingsontwerpe, steekproeftrekking en oorwegings rakende die betroubaarheid en geldigheid van navorsing te ken en te verstaan; Vaardighede te gebruik om ’n elementêre navorsingsprojek te onderneem en ’n verslag daaroor te skryf.

**RERP211** **REGSREKENINGKUNDE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om alle basiese finansiële transaksies by 'n prokureurspraktyk te boekstaaf; om transaksies in die boeke van eerste inskrywing te boekstaaf; om transaksies oor te boek vanaf die boeke van eerste inskrywing na die grootboeke; om aansuiwerings te boekstaaf en 'n rekonsiliasie staat voor te berei; om 'n inkomstestaat en 'n balansstaat voor te berei; om die verdeling van wins by vennote te boekstaaf; om trust transaksies te herken en te boekstaaf

**RERP221** **REGSREKENINGKUNDE**

PK 3 uur 1:1

Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om alle transaksies by 'n prokureurspraktyk te boekstaaf; om 'n trust bank rekonsiliasie staat voor te berei; m die soorte trust belegging te identifiseer en te boekstaaf; om die verloop van eiendoms transaksies te verduidelik en te boekstaaf; om korrespondente transaksies in die boeke van opdraggewende prokureurs en uitvoerende prokureurs te boekstaaf; om die beginsels van belasting op toegevoegde waarde in die proses van boekstawing toe te pas.

## NAGRAADSE MODULES AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE

## LL M IN ARBEIDSREG

**LLMA879** **INDIVIDUELE ARBEIDSREG**

PK

Na bestudering van hierdie module behoort die student in staat te wees om die regsreëls en beginsels rakende die individuele arbeidsreg (privaat en openbare sektor) te kan identifiseer en regsreëls en beginsels op feitestelle toe te pas.

**LLM884** **KOLLEKTIEWE BEDINGING EN GESKILBESLEGTING**

PK

Na bestudering van hierdie module behoort die student in staat wees om die regsreëls en beginsels rakende die kollektiewe arbeidsreg en die regsreëls en beginsels met betrekking tot geskilbeslegting (privaat en openbare sektor) te kan identifiseer en regsreëls en beginsels op feitestelle te kan toe pas.

**LLMA875** **INTERNASIONALE EN VERGELYKENDE ARBEIDSREG**

PK

Na die voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om aspekte van internasionale regspraak met betrekking tot aangeduide *capita* en die reëls van die Verenigde Nasies en internasionale organisasies sover dit op Arbeidsreg betrekking het, ken en verstaan en advies daaromtrent kan gee.

**LLMA876 SOSIALE SEKERHEID EN BEROEPSGESONDHEIDSREG**

PK

Na die voltooiing van hierdie module behoort die student in staat wees om die regsreëls en –beginsels rondom algemene vereistes van sosiale sekerheidsreg; regsaspekte van sosiale sekerheidsreg en beroepsgesondheidsreg te kan identifiseer en op praktiese probleemgevalle toe te pas.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student kennis oor navorsings-metodologie hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regsweten-skaplike vaktydskrif.

## LL M IN BOEDELREG

**LLMB874 BELASTINGREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van aspekte van die reg met betrekking tot Inkomstebelasting, Geskenkebelasting, Boedelbelasting, Hereregte, Seëlregte en Belasting op Toegevoegde waarde, en in staat wees om die genoemde vorme van belasting binne sowel as buite die vakterrein van die belastingreg as sodanig te kan integreer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleem.

**LLMB875 BOEDELBEPLANNING**

PK

Die studente sal in staat wees om 'n boedelhouer se vermoënsposisie te ontleed en in die lig van die boedelhouer se persoonlike en gesinsomstandighede sy/haar boedel strategies te beplan met die oog op die optimale benutting van sy/haar bates *inter vivos* sowel as *mortis causa*.

**LLMB876 SAKEREG EN EIENDOMSWETGEWING**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis van eiendomsreg en regte in eiendom, deeltitels, aandeleblokke, eiendomstyddeling en aftree-oorde, serwitute, saaklike sekerheid en aspekte van grondreg, swart huweliks- en erfreg beskik ten einde in staat te wees om boedelhouers uit alle bevolkingsgroepe kundig en praktykgerig oor hulle regte met betrekking tot die besit en beheer van vaste eiendom te adviseer; boedelhouers behulpsaam te wees om bogemelde aspekte waar toepaslike in hulle individuele boedelbeplanning te verdiskonteer en te konkretiseer.

**LLMB877 HUWELIKSGOEDEREREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van die verskillende huweliksgoederebedelings in die Suid-Afrikaanse reg, en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding.

Die studente sal verder in staat wees om die toepaslike regspraak oor die genoemde aspekte te identifiseer en die beslissings van die howe in dié opsig te interpreteer, te evalueer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleemoplossing.

**LLMB878 ERFREG**

PK

Die studente sal oor gevorder kennis beskik van die teoretiese vraagstukke met betrekking tot die vestiging van regte in bestorwe boedels en die trust *mortis causa*, en die praktiese toepassing van die trustfiguur in die testamentêre erfreg.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na afloop van die module behoort die student kennis oor navorsingsmetodologie hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

## LL M IN IN- EN UITVOERREG

**LLMI874 INTERNASIONALE BETALINGSINSTRUMENTE, WAARBORGE EN VERSEKERINGSREG**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student die regsreëls en –beginsels rakende die nasionale en internasionale bankreg, betalings- en finansieringsinstrumente, dokumentêre kredietbriewe, waarborge, faktorering, uitvoerkredietversekering en die versekering van goedere spesifiek met betrekking tot die in- en uitvoer daarvan, te ken en op praktiese feitesituasies te kan toepas.

**LLMI875 INTERNASIONALE KONTRAKTEREG**

PK

Wanneer die student hierdie module voltooi het, behoort hy/sy in staat te wees om die regsreëls en -beginsels van die Suid-Afrikaanse en internasionale kontrakte- en handelsreg te identifiseer en toe te pas asook om die reëls met betrekking tot verdrae van toepassing op internasionale koopkontrakte; internasionale handelsreggebruike; verskillende tipes kontrakte; dokumentasie en standaardklousules; elektroniese data-uitruiling; kontrakte met tussenpersone; produkteaanspreeklikheid; verteenwoordiging en gesamentlike ondernemings te interpreteer en te verduidelik.

**LLMI876 INTERNASIONALE VERVOERREG**

PK

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om: (1) die reëls van die Suid-Afrikaanse en internasionale reg met betrekking tot die vervoer van goedere per pad, spoor, see of lug; (2) die verskillende tipes van vervoerkontrakte; (3) verdrae van toepassing op internasionale vervoer; (4) multi modale vervoer; (5) vraghouers; (6) elektroniese data oordrag en (7) besondere risiko's en verpligtinge te interpreteer, te verduidelik en op praktiese feitesituasies toe te pas.

**LLMI877 ADMINISTRATIEF- EN VOLKEREG**

PK

Na voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om: (1) Die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Reg en die Volkereg aan die hand van die toepaslike grondwetlike voorskrifte te analiseer; (2) Die inhoud van die reëls en beginsels van die Verdragsreg te verduidelik en hierdie kennis in die praktyk toe te pas; (3) Die inhoud van die reëls en beginsels van toepassing op die soewereine immuniteit van vreemde state te verduidelik en hierdie kennis in die praktyk toe te pas; (4) Aan te dui tot welke mate artikel 33 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996 en die *Promotion of Administrative Justice Act* 3 van 2000 van toepassing sal wees op in- en uitvoeraangeleenthede, wat die gevolg daarvan is en ook om hierdie kennis prakties toe te pas; (5) Geregtelike hersiening as remedie en die administratiefregtelike hersieningsgronde (met besonderde klem op prosedurele billikheid) krities te bespreek en hierdie kennis prakties toe te pas; (6) Die ontwikkeling van die internasionale administratiefreg te bespreek.

**LLMI878 BELASTING- EN VALUTAREG**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die regsreëls en –beginsels rondom valuta-transaksies en –beheer, doeane- en aksynsregte, belasting op internasionale transaksies en dubbel-belasting-verdrae op praktiese feitestelle toe te pas.

**LLMI881 INTERNASIONALE PRIVAATREG EN HANDELSINSTRUMENTE IN SUIDELIKE AFRIKA**

PK

Na voltooing van die module behoort die student in staat te wees om die regsreëls en -beginsels van die internasionale privaatreg, met spesifieke verwysing na internasionale kontraktereg, die afdwing van vorderingsregte en internasionale vonnisse, mededingingsreg, internasionale sakereg en oorgang van eiendomsreg vir sover dit op in en uitvoer betrekking het, uit te lê. Die student behoort ook in staat te wees om dit op praktiese gevalle toe te pas. Verder behoort die student kennis te hê van die belangrikste internasionale instrumente wat handel tussen die lande in Suidelike Afrika reël en bevorder. Die student behoort te weet wat die oogmerke van sodanige instrumente is, wat elkeen se praktiese implikasies is en hoe om dit tot beste voordeel van die klient aan te wend.

**LLMI882 OORGRENS INSOLVENSIES EN INTERNASIONALE OORDRAG VAN TEGNOLOGIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die reëls en beginsels in verband met oorgrens insolvensies op praktiese feitesituasies toe te pas. Verder behoort die student die volgende kundigheid en insig te verwerf: (1) Die verskilende vorme van immaterieelgoederereg (IMG) wat primêr betrokke is in die internasionale arena; (2) Die vereistes en, waar toepaslik, die prosedures vir die verkryging van beskerming vir die verskillende vorme van IMG soos onder (1) geïdentifiseer; (3) Die verskillende ooreenkomste en verdrae wat betrekking het op die verkryging van IMG beskerming in die internasionale arena; (4) Die internasionale beweging van IMG regte by wyse van die vervreemding en oordrag daarvan; (5) Die vergunning tot die gebruik van IMG regte by wyse van die lisensiëringsooreenkoms met die klem op sodanige ooreenkomste in die internasionale area; (6) Die grense van IMG regte in die lig van die "uitputting van regte" en parallelle invoere.

**LLMI883 INTERNASIONALE OMGEWINGSREG**

PK

Na voltooing van die module behoort die student vertroud te wees met die toepaslike regsbeginsels, volkeregtelike gewoontereg en internasionale ooreenkomste asook relevante regspraak van belang ten aansien van internasionale omgewingsreg. Voorts behoort die student vetroud te wees met die filosofiese onderbou met betrekking tot die belangrikste temas van die internasionale omgewingsreg.

**LLMI884 INTERNASIONALE KOMMERSIËLE ARBITRASIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student die algemene beginsels van arbitrasie en alternatiewe dispuutbeslegting te ken en te kan toepas, spesifiek met verwysing na internasionale arbitrasie, die toepaslike internasionale verdrae, die afdwing van toekennings en standaard klousules.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na voltooiing van die module behoort die student kennis oor navorsings-metodologie te hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regsweten-skaplike vaktydskrif.

## LL M / M PHIL* IN OMGEWINGSREG EN -BEHEER

**LLMO877 SUID-AFRIKAANSE OMGEWINGSREG**

PK

Na afloop van die module behoort die student oor gevorderde kennis beskik oor die teoretiese en praktiese vraagstukke rakende Suid-Afrikaanse omgewingsregbeginsels, waardes en wetgewing met spesifieke verwysing na die Grondwet, omgewingsraamwerkwetgewing, biodiversiteit, kulturele erfenis, lugkwaliteit-beheer, water en afvalbestuur, besoedelingsvoorkoming en remediëring, myne, energie en bureregte.

*** M Phil: goedkeuring word afgewag**

**LLMO878 GROND EN BEPLANNINGSREG**

PK

Na afloop van die module behoort die student oor gevorderde kennis beskik oor die teoretiese en praktiese vraagstukke rakende die Suid-Afrikaanse grond en beplanningsreg met spesifieke verwysing na die Grondwet, *capita selecta* uit die Sakereg, grondhervormingswetgewing, landelike en stedelike beplanning.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na afloop van die module behoort die student kennis oor navorsingsmetodologie hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

**LLMO874 INTERNASIONALE OMGEWINGSREG**

PK

Na voltooiing van hierdie module behoort die student vertroud te wees met die toepaslike regsbeginsels, volkeregtelike gewoontereg en internasionale ooreenkomste asook relevante regspraak van belang ten aansien van internasionale omgewingsreg. Voorts moet studente vetroud wees met die filosofiese onderbou met betrekking tot die belangrikste temas van die internasionale omgewingsreg.

**LLMO875 SADC OMGEWINGSREG**

PK

Na afloop van die module behoort die student oor gevorderde kennis beskik oor die teoretiese en praktiese vraagstukke rakende die inhoud, toepassing en uitvoering van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) verdrag en protokolle rakende beskerming van die omgewing asook die praktiese implementering daarvan in 'n *capita selecta* van SAOG lande buite Suid-Afrika.

**LLMP874 ADMINISTRATIEFREG**

PK

Nadat afloop van die module in administratiefreg behoort die student in staat te wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP877 PLAASLIKE OWERHEIDSREG**

PK

Na afhandeling van die module behoort die student daartoe in staat wees om die stand van die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot plaaslike regering krities te beskryf en om tred te hou met die verdere ontwikkeling daarvan.

**LLMA878 BEROEPSVEILIGHEIDSREG**

PK

Na afhandeling van die module, behoort die student in staat te wees om die regsreëls en -beginsels van die Veiligheidswetgewing in die algemeen en besonderlik die mynbedryf te interpreteer en te verduidelik en advies daaromtrent kan gee.

**OMBO878 OMGEWINGSBESTUUR**

PK

Na afhandeling van die studie behoort die student in staat wees om op 'n gevorderde vlak omgewingsbestuurtegnieke binne die Deming-bestuursiklus van beplanning, uitvoering, nagaan en verbetering, en rapportering van omgewingsbestuursprestasie in die openbare en privaatsektore te beheers ten einde innoverende oplossings vir volhoubaarheidskwessies te vind.

**MPGA816 OPENBARE BESTUUR**

PK

Na afhandeling van hierdie module behoort die student in staat te wees om op strategiese vlak komplekse intra- en interowerheidsverhoudinge en -beplanning binne die konteks van volhoubare en geïntegreerde ontwikkeling te bestuur.

## LL M IN PUBLIEKREG

**LLMP874 ADMINISTRATIEFREG**

PK

Nadat u die module in administratiefreg voltooi het, moet u in staat wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP875 FUNDAMENTELE REGTE**

PK

Nadat u die module in fundamentele regte voltooi het, moet u in staat wees om die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse Handves van Regte krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP876 GRONDWETLIKE HERMENEUTIEK**

PK

Hierdie kursuseenheid het ten doel om u in staat te stel om hermeneutiese probleme en benaderings binne die konstitusionele konteks te verstaan en oplossings voor te stel.

**LLMP877 PLAASLIKE OWERHEIDSREG**

PK

Wanneer u hierdie module voltooi het, moet u daartoe in staat wees om die stand van die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot plaaslike regering te beskryf en om tred te hou met die verdere ontwikkeling daarvan.

**LLMP878 REGSFILOSOFIE**

PK

Wanneer u hierdie module in Regsfilosofie voltooi het moet u daartoe in staat wees om regsfilosofiese vraagstukke wat 'n impak op die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie het te identifiseer, te ontleed en krities te bespreek. U behoort in staat te wees om op 'n verantwoorde wyse oor sodanige regsfilosofiese kwessies standpunt in te neem en om u regfilosofiese kennis op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMP879 VERGELYKENDE STAATSREG**

PK

Nadat u hierdie module voltooi het, moet u goed ingelig wees oor die relevante kwessies op die terrein van staatsregtelike vergelyking en ook daartoe in staat wees om staatsregtelike vergelykingsprojekte met vertroue aan te pak.

**LLMP884 VOLKEREG**

PK

Nadat u die module in volkereg voltooi het, moet u in staat wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMS873 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN SKRIPSIE**

PK

Na afloop van die module behoort die student kennis oor navorsingsmetodologie te hê wat hy of sy prakties kan toepas in nagevorste werkstukke en 'n skripsie wat geskik is vir plasing as 'n vollengte artikel in 'n gekeurde regswetenskaplike vaktydskrif.

## MODULES VIR NAGRAADSE DIPLOMAS AANGEBIED DEUR DIE FAKULTEIT REGTE

## NAGRAADSE DIPLOMA IN BOEDELREG

**LLMB574 BELASTINGREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van aspekte van die reg met betrekking tot Inkomstebelasting, Geskenkebelasting, Boedelbelasting, Hereregte, Seëlregte en Belasting op Toegevoegde waarde, en in staat wees om die genoemde vorme van belasting binne sowel as buite die vakterrein van die belastingreg as sodanig te kan integreer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleem.

**LLMB575 BOEDELBEPLANNING**

PK

Die studente sal in staat wees om 'n boedelhouer se vermoënsposisie te ontleed en in die lig van die boedelhouer se persoonlike en gesinsomstandighede sy/haar boedel strategies te beplan met die oog op die optimale benutting van sy/haar bates *inter vivos* sowel as *mortis causa*.

**LLMB576 SAKEREG EN EIENDOMSWETGEWING**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis van eiendomsreg en regte in eiendom, deeltitels, aandeleblokke, eiendomstyddeling en aftree-oorde, serwitute, saaklike sekerheid en aspekte van grondreg, swart huweliks- en erfreg beskik ten einde in staat te wees om boedelhouers uit alle bevolkingsgroepe kundig en praktykgerig oor hulle regte met betrekking tot die besit en beheer van vaste eiendom te adviseer; boedelhouers behulpsaam te wees om bogemelde aspekte waar toepaslike in hulle individuele boedelbeplanning te verdiskonteer en te konkretiseer.

**LLMB577 HUWELIKSGOEDEREREG**

PK

Die studente sal oor gevorderde kennis beskik van die verskillende huweliksgoederebedelings in die Suid-Afrikaanse reg, en die persoonlike en vermoënsregtelike gevolge van egskeiding. Die studente sal verder in staat wees om die toepaslike regspraak oor die genoemde aspekte te identifiseer en die beslissings van die howe in dié opsig te interpreteer, te evalueer en prakties toe te pas vir doeleindes van probleemoplossing.

**LLMB578 ERFREG**

PK

Die studente sal oor gevorder kennis beskik van die teoretiese vraagstukke met betrekking tot die vestiging van regte in bestorwe boedels en die trust *mortis causa*, en die praktiese toepassing van die trustfiguur in die testamentêre erfreg.

## NAGRAADSE DIPLOMA IN IN- EN UITVOERREG

**LLMI574 INTERNASIONALE BETALINGSINSTRUMENTE EN WAARBORGE**

PK

Na bestudering van hierdie module moet u in staat wees om die regsreëls en –beginsels rakende die nasionale en internasionale bankreg, betalings- en finansieringsinstrumente en die versekering van goedere spesifiek met betrekking tot die in- en uitvoer daarvan te identifiseer en dit op feitestelle toe te pas.

**LLMI575 INTERNASIONALE KONTRAKTEREG**

PK

Wanneer u hierdie module voltooi het, sal u in staat wees om die regsreëls en -beginsels van die Suid-Afrikaanse en internasionale kontrakte- en handelsreg te identifiseer en toe te pas asook om die reëls met betrekking tot verdrae van toepassing op internasionale koopkontrakte te interpreteer en te verduidelik en internasionale handelsreggebruike uit te ken.

**LLMI576 INTERNASIONALE VERVOERREG**

PK

Na bestudering van hierdie module moet u in staat wees om die reëls van die Suid-Afrikaanse en internasionale reg met betrekking tot die vervoer van goedere per pad, spoor, see of lug te interpreteer, te verduidelik en op praktiese probleemgevalle toe te pas.

**LLMI577 ADMINISTRATIEF- EN VOLKEREG**

PK

Nadat u die module in administratief- en volkereg voltooi het, moet u in staat wees om die relevante reëls en beginsels krities te ontleed en op konkrete feitestelle van toepassing te maak.

**LLMI578 BELASTING- EN VALUTAREG**

PK

U moet na die voltooiing van hierdie module in staat wees om die regsreëls en –beginsels rondom valutatransaksies en –beheer, doeane- en aksynsregte, belasting op internasionale transaksies, transnasionale insolvensies asook aspekte van internasionale oordrag van tegnologie te identifiseer en op praktiese probleemgevalle toe te pas.

**LLMI584 INTERNASIONALE KOMMERSIËLE ARBITRASIE EN TRANSNASIONALE INSOLVENSIE**

PK

Na die afloop van hierdie module sal u die algemene beginsels van arbitrasie en alternatiewe disputbeslegting, ken met spesifieke verwysing na internasionale arbitrasie, toepaslike internasionale verdrae, afdwing van toekennings en standaard klousules.

**LLMI585 INTERNASIONALE PRIVAATREG EN REGSVERGELYKING**

PK

Wanneer u hierdie module voltooi het, sal u in staat wees om die regsreëls en –beginsels van die internasionale privaatreg, met spesifieke verwysing na internasionale kontraktereg, die afdwinging van vorderingsregte, mededingingsreg, internasionale sakereg en oorgang van eiendomsreg sover dit op in- en uitvoer van goedere betrekking het, uit te lê en op feitestelle toe te pas. U sal verder die beginsels rakende regsvergelyking van bogemelde aspekte onder die knie hê.